# H O O F S T U K   S E W E

## IMPLIKASIES VIR DIE MODERNE OPVOEDKUNDIGE DENKE

### A. Inleiding.

#### (1) Oogmerke met die onderhawige hoofstuk.

In hierdie slothoofstuk word 'n samevatting en beoordeling van die antropologieë van Hellas, Israel en die vroeë Christendom beoog soos dit in die voorgaande vier hoofstukke aan die lig getree het. Hoewel die bestudeerde materiaal veral die antropologiese en teologiese beskouinge blootgelê het van die kulture wat die fondament van die Westerse beskawing vorm, sal die beoordeling wat hier aangedurf word, vanuit pedagogiese oogpunt geskied aangesien die onderhawige studie vanuit opvoedkundig-filosofiese oogpunt onderneem word. Wat hier ter sprake is, is die waarde of gevare wat die betrokke mensbeskouinge vir die opvoeding en spesifiek vir die huidige opvoedkundige denke inhou.

#### (2) Maatstawwe van beoordeling.

As maatstaf sal die essensie van die pedagogiese, soos uiteengesit in hoofstuk Twee, afdeling B (2) (f) [1], aangelê word. Dit beteken dat elk van die betrokke antropologieë telkens getoets sal word om vas te stel of dit voldoen aan die voorwaardes van aanvaarding, verantwoordelikheidsbesef, gesagserkenning, die normatiewe en die idee van volwassenheid. Ten einde die antropologiese beskouinge van die betrokke kulture vir sover dit opvoedkundig van betekenis is in hulle onderlinge ooreenkoms of afgrensing duidelik langs en teenoor mekaar te stel, sal afdeling B van hierdie hoofstuk ooreenkomstig die bogenoemde voorwaardes vir die intrede van die pedagogiese in onderafdelings verdeel word. In elke onderafdeling sal dan agtereenvolgens die Hellenistiese, die Israelitiese en die vroeg-Christelike antropologie bespreek word vir sover dit die betrokke voorwaarde betref. Terselfdertyd sal die moderne opvoedkundige opvattinge daarmee in verband gebring word. Daar sal met ander woorde op die pedagogies-waardevolle en -bedenklike elemente in die betrokke kulture gewys word met verwysing na huidige toestande in die opvoeding. [2]

---

1) Vgl. hierdie studie, p. 64-69. Behalwe waar dit gebiedend noodsaaklik is, sal in hierdie oorsig geen bladsyverwysings na vorige hoofstukke aangedui word nie. Dit sal nietemin wenslik wees om in gevalle waar na onderwerpe verwys word wat in vorige hoofstukke bespreek is, dit m.b.v. die inhoudsopgawe na te slaan en te herlees as aanvulling by wat in hierdie hoofstuk daaroor gestel word.

2) Lees oor die huidige toestande hoofstuk Een van hierdie studie.

In die eerste deel van afdeling C sal dan meer in besonderhede nagespoor word in watter mate die onderskeie kulture vir die huidige stand van die Westerse beskawing en sy opvoedkundige denke bepalend was en watter gevare en moontlikhede dit inhou.

Ten slotte sal kortliks gewys word op die moontlikhede wat die opvoedkundig waardevolste van hierdie kulture vir die moderne opvoedkundige denke inhou.

B. Beoordeling van die antropologieë van Hellas, Israel en die vroeë Christendom.

Ooreenkomstig die opset van hierdie studie sal die blootgelegde antropologiese beskouinge van die betrokke kulture vanuit pedagogiese oogpunt beoordeel word, dit wil sê volgens die maatstawwe van aanvaarding, verantwoordelikheidsbesef, gesagserkenning, die normatiewe en die idee van volwassenheid wat as basiese voorwaardes vir die moontlikheid van die opvoeding beskou word en dus as die essensie van die pedagogiese geld.

Die antropologie in die leer van Jesus en Paulus vorm wesenlik één geheel en sal dus saamgevat word onder één hoof: die vroeë Christendom.

Ter wille van aansluiting by moderne omstandighede in die opvoeding - verontrusting hieroor was die aanleiding tot hierdie studie - sal telkens ook na huidige toestande en na die moderne opvoedkundige denke verwys word.

(1) Aanvaarding met sy keersy van oorgawe.

Aanvaarding van die kind in sy konkrete gegewenheid is 'n basiese voorwaarde waarsonder die pedagogiese nie intree nie. 1) Hier sal nie alleen die aanvaarding van die kind as volwasse-wordende en sorgbehoewende nie, maar ook aanvaarding van die liggaam, die materie en die medemens (dit wil sê in wyer verband die Eigenwelt en die Umwelt of Mitwelt) ter sprake kom. Die ideaal van die opvoeding is volwassenheid, en dus sal die besondere vorm van volwassenheid wat 'n bepaalde kultuur nagestreef het, ook aandag moet geniet. Volwassenheid behels nooit selfgenoegsaamheid nie en word steeds gekenmerk deur betrokkenheid op mense sowel as op die dinge van die kultuur en die natuur. 2) Vandaar dat hier 'n wyer veld van betrokkenheid as met die aanvaarding van die kind aangesny moet word.

1) Vgl. hierdie studie, p. 64-65.
2) Die mens is in die diepste kern van sy wese ook en veral op God en die waardevolle betrokke. Hierdie betrokkenheid word egter afsonderlik bespreek in paragraaf 4 van hierdie afdeling.

(a) Hellas.

Die lewensbeskouing van Hellas is basies egoïsties. Op sy hoogtepunt mond dit uit in die onaandoenlikheid van die Stoa en die koele selfliefde en die verbruikersmentaliteit van die Epikurisme wat albei prinsipieel op die verwerping van die medemens neerkom. Hierdie gebrek aan aanvaarding kom tot uiting in die Griekse instelling van kindermoord, in die veragting van materie, die instelling van slawerny, die wyse waarop neergesien is op die vreemdeling en die intellektueel minderbegaafde, en miskien in die besonder in die devaluering en depersonalisering van die vrou. Hierdie gebrek aan aanvaarding van die ander gaan gepaard met hiper-individualisme wat slegs op 'n basis van egoïsme kan floreer.

Prinsipieel was die Hellenistiese kultuur dus nie gunstig gepredisponeer vir die opvoeding nie. Dit word trouens bewys deur die swak status wat die onderwyser in Hellas toegewys is.

(b) Israel.

Die lewensbeskouing van Israel word hierteenoor gekenmerk deur die feit dat dit nie alleen 'n sterk element van aanvaarding van die ander bevat nie, maar dat aanvaarding van die kind, die medemens, trouens van die wêreld as geheel, basies daaraan is. Vir Israel is Jahwe naamlik die skepper van alle dinge, 'n opvatting wat impliseer dat die skepping in sy geheel wesenlik goed is en in sy verskillende aspekte verwantskap moet vertoon. Deur sy vrye keuse van die sonde is die mens se oorspronklike goedheid bederf, maar volgens Israel is dit binne elke mens se bereik om tot inkeer te kom en deur hierdie vrywillige wending na God toe die breuk tussen hom en God te herstel. Prinsipieel is selfs die mees afgedwaalde mens dus nog tot die goeie in staat en derhalwe vir God en mens aanvaarbaar.

Aan Israel se beskouing van God as die skepper van alle dinge ontspruit sy gevoel van verbondenheid met die wêreld en sy sterk gemeenskapsgevoel wat onder meer in die verbondsgedagte tot uiting kom. Vandaar ook die hoë eerbied waarmee die Israelitiese vrou bejeën is. Die kind geniet in Israel 'n besonder gunstige posisie. Voortvloeiend uit die verbondsgedagte huldig Israel die opvatting dat elke kind wat gebore word die Messias kan wees of minstens Messiaanse voorbereidingswerk moet doen wat slegs hy kan doen. Van die Griekse instelling van kindermoord kon hier dus nooit sprake wees nie: kinderrykdom is trouens as 'n besondere teken van God se genade beskou.

Volgens die verbondsgedagte is die onbeduidende volk Israel slegs op grond van God se liefde verkies. Hierdie liefde is oorgedra op elke kind

en op elke volwasse lid van die verbondsvolk en het die grondslag van geestelike groei gevorm en as basis van die opvoeding gedien. Die kind is aanvaar as 'n tasbare teken van God se liefde vir sy volk en as wegbereider van die Messias. Hoe innig die aanvaarding van die kind se waardigheid was, blyk onder meer uit die Ou Testamentiese gebruik om God se liefde vir die volk te vergelyk met dié van 'n moeder vir haar kind [1]), 'n simboliek wat deur die Christendom oorgeneem is. [2])

Wat die aanvaarding van die kind betref, was die antropologie van Israel, veral danksy die verbondsgedagte en die hoë betekenis wat aan die mens se uniekheid toegeskryf is, pedagogies besonder hoogstaande. Hierdie aanvaarding van die ander het berus op die mens se betrokkenheid op God wat God van die hele volk was, dit wil sê op die transendentele in die mens.

(c) Die vroeë Christendom.

Die Christendom sluit by die Israelitiese beskouing oor die aanvaarding van die medemens aan, maar verdiep dit en brei dit uit. Waar Israel die verbondsgedagte vertolk het as sou God se guns tot die Joodse volk beperk wees tot uitsluiting van die ander volkere, brei die Christendom die verbondsgemeenskap uit tot die gelowiges van alle volkere. Dit stel voorts pertinent die eis van liefde as hoeksteen van die Christelike leefwyse. [3]) Die Christendom beklee die afsonderlike individu met meer waarde as wat in Israel die geval was. Dit sien God as liefde en die mens as kind van God wat in sy liefde moet deel. Dit is juis liefde wat erkenning en waardering van die ander se uniekheid moontlik maak, wat mens toeganklik maak vir mens en sodoende die geskikte klimaat vir geestelike groei voorsien. [4]) "Liefde wacht niet, maar begint; zij vraagt niets voor zichzelf, maar zoekt alleen het belang van de ander en stelt dus alleen een eis, indien het belang van de ander dit nodig maakt." [5])

Israel het die kind en die medemens aanvaar omdat hy lid van die verbondsvolk was. Dit was dus 'n voorwaardelike aanvaarding wat die meeste mense uitgeluit het. [6]) Met sy eis van onvoorwaardelike liefde vir alle mense as uiting van dankbaarheid vir God se alomvattende liefde ken die Christendom dus 'n nog veel dieper vorm van aanvaarding en staan dit pedagogies gesien dus nog veel hoër as die edele mensbeskouing van Israel.

---

1) Jesaja 49:15.
2) Vgl. Langeveld: Anthropologie des Kindes, p. 107.
3) Vgl. hierdie studie, p. 299.
4) Wijngaarden: Hoofdproblemen der volwassenheid, p. 112-115, 162-166.
5) Ibid., p. 163.
6) Vgl. die Farisese weiering van hulp aan 'n heidenvrou in haar nood.

Ook die Christendom beskou die mens as oorspronklik goed maar deur vrye keuse van die sonde verdorwe. Anders as Israel stel dit egter dat die mens nie uit sy eie tot inkeer in staat is nie. Die mens het volgens die Christelike leer so diep in die sonde geval dat hy magteloos is om hom na God te wend. Deur die plaasvervangende lye en sterwe van Christus is die mens se sondeskuld egter betaal en is die breuk tussen God en mens geheel vir wie dit in geloof aanvaar. Prinsipieel is die mens van die Christendom dus nie soos die Israeliet in staat om vír God te kies nie, maar hy is deur Christus van die mag van die kwaad bevry en is op grond van geloof in Christus tot alle goeie werke in staat. Hierdie aanvaarding van die herstelde goedheid van die mens en sy aanvaarbaarheid vir God deur Wie al sy sondes vergewe is, maak dit moontlik dat die koninkryk van Christus reeds in die aardse lewe 'n aanvang neem. Dit bevry die mens van die ondraaglike skuldlas en bring sodoende die vryheid wat nodig is vir geestelike groei.[1)]

(d) Die huidige tyd.

Die huidige Westerse kultuur is van tweërlei herkoms: dit berus op die Christelike leer maar dit behels sedert die Renaissance tewens 'n herlewing van die Griekse humanisme. In wese is dié twee opvattinge egter onversoenbaar en dit lei tot die grondliggende beleidloosheid van die Weste: hy kan die twee beskouinge nie verenig nie maar kan ook nie tussen hulle kies nie. Die Christendom relativeer die waarde van die aardse bestaan; die huidige materialistiese Westerse wêreldbeskouing sien materie en die diesseit as die enigste werklikheid. In sy kern is die Weste met sy verheerliking van die rede en sy aardse utopiebestrewing nie Christelik nie. Die huidige beskawing het 'n Griekse inslag, dit is Hellenisties-heidens in sy opset.

Die Weste se beheptheid met die materiële is egter 'n element wat nie aan die Griekse wêreldbeskouing eie is nie; dit is 'n later ontwikkeling van die diesseitgerigte denke: as daar niks anders as die aarde is nie, is daar niks anders as stof nie, en so word die geestelike in die mens ontken. Hieruit is die moderne depersonalisering van die mens tot liggaam-alleen te verklaar, 'n opvatting wat meebring dat die mens nie in die vol-

---

1) Die Christelike opvatting van die mens se wesenlike goedheid staan in skerp teenstelling met die moderne mens se gevoel van onaanvaarbaarheid vir God wat hy op twee maniere probeer bestry: deur die bestaan van God te ontken óf deur homself masochisties tot die gelyke van 'n dier te devalueer wat nie vir sy handelinge verantwoordelik is nie en dus nie werklik skuld kan hê nie. In albei gevalle word die mens se verantwoordelikheid en dus sy opvoedbaarheid prinsipieel ontken.

heid van sy wese aanvaar word nie. Die uniekheid, en gevolglik die besondere betekenis van die mens, lê in sy geestelike komponent, nie in die liggaamlike nie. Waar die geestelike dus nie aanvaar word nie, verdwyn die onderskeidende, die eenmalige en onvervangbare want dan is hy soos alle ander mense liggaam-alleen. Deur die mens as slegs liggaam te beskou, word hy noodwendig vernihiliseer want nihilisme is die opvatting dat niks meer waarde as iets anders het nie.

Die dialoog met die medemens berus op sy andersheid, en waar die andersheid ontken word, verdwyn die moontlikheid en die stimulus tot kommunikasie. Nie alleen lei dit tot vereensaming nie, maar ook die moontlikheid van opvoeding word daarmee ernstig verskraal. Freud sien die mens as biologies gedetermineer, Sartre sien liefde as 'n mislukking [1]); waar die bestaan van die geestelike komponent ontken word, word die mens die gelyke van die dier en heers slegs die oerwoudwet van die behoud van die sterkste.

In die moderne tyd van individualisme is die individu paradoksaal nogtans besig om te verdwyn want die rede vir sy bestaan rus op sy andersheid, en dit word tans ontken. Al hoe meer verander die gedifferensieerde samelewing dus in 'n genivelleerde horde sonder bindende doel of struktuur. Net die enkeling kan skeppend optree en net die enkeling kan opvoed. Die verdwyning van die enkeling en die toenemende, versmorende mag van wat Heidegger Das Man noem, het 'n ontredderende uitwerking op die samelewing en op die opvoeding.

Die aanvaarding van die mens se band met die natuur is eweneens besig om te verdwyn. Liefde is altyd op die individuele en unieke gerig en die opvatting dat alles stof is, bring noodwendig mee dat alles gelykwaardig is, wat uitmond in die oortuiging dat niks waarde het nie. Die vermaterialiseringsproses eindig in nihilisme. Die natuur word derhalwe nie meer bemin nie maar ontgin: dit word 'n gebruiksvoorwerp. Ook die medemens word nie as persoon aanvaar nie, maar ter wille van sy nuttigheid waardeer: ook hy word ontgin en val sonder meer met sy dade saam. [2]) Die enigste band met ander word gemeenskaplike arbeid, wat eweneens hoofsaaklik met materiële oogmerke uitgevoer word.

Die herleiding van die medemens tot liggaam sonder meer het 'n ontredderende uitwerking op die posisie van die vrou en die huwelik. Soos in die Gnosis en in die leer van Epikurus word die vrou maklik tot seksuele

---

1) Van Peursen: Riskante filosofie, p. 57.
2) Vgl. oor Sartre se beskouinge hierdie studie, p. 43-45.

gebruiksvoorwerp herlei. Terselfdertyd raak seksualiteit in die moderne oorbevolkte wêreld egter al hoe meer van prokreasie geskei. Die diepste sin van die huwelik lê vir die Christen daarin dat dit 'n lewens- in plaas van net 'n seksuele gemeenskap is: dit het ook en veral 'n geestelike sin wat daarin lê dat dit 'n weg na God moet wees. Waar die geestelike element tans op die agtergrond verdwyn en prokreasie in baie gevalle ongewens geword het [1]), verval seksualiteit tot blote tydverdryf en word dit absurd omdat dit nóg fisiese nóg geestelike toekomsbetekenis het. Ten spyte van wetgewing om haar regte te waarborg, beklee die moderne vrou nie 'n werklik geëerde posisie nie en word die uniekheid van haar vroulikheid nie na reg waardeer nie: dit word maklik tot die bloot liggaamlike beperk.

In 'n samelewing waarin die rykdom van die geestelike en die liefde ontken word ten gunste van die oerwouddier se tand-en-klou stryd om blote voortbestaan, word die kind se hulpeloosheid en die versorging wat hy nodig het sonder dat hy 'n bydrae tot die stoflike welvaart lewer eweneens al hoe meer as 'n oorlas gevoel. Getuie hiervan is onder meer die krimpende gesinsgrootte en die verwaarlosing van en selfs wreedheid teenoor kinders.

Die huidige tyd is opvoedkundig nie gunstig afgestem nie. Nie alleen word die kind self, die moderne pedosentrisme ten spyt, nie aanvaar in die mate dat dit sy groei na volwassenheid waarborg nie: ook die versaakliking van menslike verhoudinge waarin die mens slegs ter wille van sy nuttigheid waardeer word, skep 'n vergiftigde atmosfeer vir die opvoeding. Die opvoeding moet die kind help om uit te groei tot persoonlikheid; nogtans sien die kind dat die medemens nie ter wille van sy persoonlikheid nie maar ter wille van sy bruikbaarheid waardeer word. Deur nie die mens se geestelike komponent te aanvaar nie, val hy sonder meer met sy liggaam saam. Hy is nou waar hy is, hy is niks meer as sy dade nie; die polariteit wat spanning moes skep waardeur die energie vir geestelike groei voorsien moet word, het vervaag.

Dat die <u>persoon</u> nog nie geheel uit die moderne waardesfeer verdwyn het nie, is grotendeels te danke aan die invloed wat nog van die Christendom uitgaan. [2])

---

1) Vgl. in dié verband die moderne seksueel-steriele beeld wat geskep word deur mannekyne, sekere tienderjarige rolprentheldinne en ontvroulikende modes. Die beeld van die vrou in die moderne literatuur en advertensiewese is in toenemende mate dié van die courtisane, nie van die moeder nie.
2) Mitchell: The God I want, p. 18.

Wat die voorwaarde van aanvaarding betref, is die huidige tyd pedagogies nie gesond nie. 'n Mensbeskouing wat die geestelike ontken, ontken die mens se vryheid wat die kern van die opvoeding is.

Selfs die Griekse antropologie het ondanks sy tekortkomings die bestaan van die geestelike komponent aanvaar en daarin die ware mens gesien, al sou dit dan tot die intellektueel-hoogbegaafde beperk wees. Daarom kon die wetenskap by die Grieke na die <u>waarheid</u> soek, terwyl dit in die huidige tyd op <u>mag</u> gerig is.

Wat aanvaarding van die medemens en veral van die kind in die opvoeding betref, kan die moderne denke met vrug van al die ondersoekte kulture leer, en insonderheid van Israel en die Christendom. Die oorsaak van die moderne gebrek aan aanvaarding van die ander lê in die miskenning van die geestelike komponent wat juis in die Christendom besonder hoog aangeslaan word.

(2) <u>Verantwoordelikheidsbesef en gesagserkenning</u>.

'n Ewe onmisbare voorwaarde vir die pedagogiese is verantwoordelikheidsbesef, wat onafskeidelik van gesagserkenning is. Weens hulle onafskeidelikheid sal hierdie twee fundamentele voorwaardes vir die pedagogiese hier saam bespreek word. Die verskynsel van opvoeding tree in omdat die opvoeder teenoor 'n hoër gesag verantwoordelikheid aanvaar vir die kind in sy ongevormdheid en hulpbehoewendheid, en dit stel hom ten doel om die kind ook tot vrywillige aanvaarding van verantwoordelikheid te lei. Sowel die opvoeder se bemoeienis as die doel wat met die opvoeding bereik moet word, is met verantwoordelikheid gemoeid en dus met die erkenning van gesag.

(a) <u>Hellas</u>.

Vanselfsprekend bestaan daar 'n noue band tussen aanvaarding van die medemens en verantwoordelikheidsbesef: slegs wanneer hy 'n persoon se waarde aanvaar, is die mens bereid om die las van verantwoordelikheid vir daardie persoon op hom te neem.

Die aanvaarding van verantwoordelikheid impliseer noodwendig die bestaan van 'n hoër gesag wat die reg het om 'n opdrag te gee en wat die mag het om rekenskap te eis wat die volvoering van dié opdrag betref. Met sy diesseitige beskouing het die Griek geen hoër gesag as dié van die gemeenskap (wat hy as 'n groter individu beskou het) erken nie. Sy siniese politeïsme het verhinder dat hy egte religieuse gesag kon erken, met die gevolg dat hy nooit ware verantwoordelikheidsbesef ontwikkel het nie. Die enigste gesag wat die Griek werklik erken het, was dié van die

menslike rede wat vir hom 'n inkarnasie van die logos, die goddelike wêreldrede, was. Aangesien die rede egter iets individueels is, was die Griekse mens uiteindelik slegs aan homself verantwoordelikheid verskuldig. Vandaar die Griekse egoïsme wat noodwendig tot die Sofiste se stelling moes lei dat die mens sy eie maatstaf is en wat in oordrewe individualisme en die verval van die polis geëindig het.

Die mens kan homself nie aanroep nie [1]) en hy kan ook nie aan homself verantwoordelik wees nie. Daarom het die Griek van sy stadstaat 'n superpersoon gemaak, 'n groter individu, want die mens kan slegs deur 'n persoon aangespreek word en slegs aan 'n persoon verantwoordelik wees. Die moderne tyd, wat met sy ontkenning van die geestelike prinsipieel die bestaan van die persoonlike en dus ook van God as Persoon ontken, maak in 'n poging om die mens se verantwoordelikheid in iets hoërs as homself te grond, weer van Griekse grepe gebruik. Hy erken wel nie meer die lojaliteit aan die stad nie, maar werk met wyer en meer abstrakte begrippe soos die demokrasie, die volkswil, menslikheid, ekonomiese vooruitgang, en dies meer.

In sy ideëleer het Plato die opvatting van ewige en absolute waardes gebring waardeur die mens aangespreek word en waarteenoor hy verantwoordelik is. Op sy eie tyd het hierdie wysgeer egter nie veel invloed uitgeoefen nie en die Griek was prinsipieel onbekend met die opvatting van 'n persoonlike gesag wat van hom verantwoording kon eis. Daardeur was hy aan die wisselvalligheid van sy eie maatstawwe oorgelewer. Die anargie waartoe dit gelei het, is in die geskiedenis bekend. Omdat hy geen allestransenderende gesag geken het wat van hom verantwoordelikheid kon eis nie, staan die Griek se opvoeding, ondanks die mooi ideale van ewewigtigheid en regverdigheid, op niks onaantasbaars gefundeer nie en vertoon dit eerder die karakter van 'n soeke as van rigting en sekerheid.

(b) Israel.

By Israel was die besef van verantwoordelikheid besonder hoog ontwikkel. Op grond van sy siening van die mens as medewerker van God, as vennoot deur wie se toedoen die koms van die Messias moontlik gemaak moet

1) Prinsipieel is dit 'n mistasting in die moderne opvoedkundige denke waarvolgens die mens niks is as 'n ander mens hom nie daartoe roep nie. (Vgl. Van den Berg: Kroniek der Psychologie, p. 12-13). Sonder 'n hoër gesag wat deur die oproepende mens spreek, sou so'n oproep sinneloos en selfs aanmatigend wees. Die mens (die opvoeder) het alleen gesag om 'n ander mens (die opvoedeling) tot realisering van sy moontlikhede op te roep op grond van 'n hoër gesag waaraan hy self ook gehoorsaam is en namens wie hy die opvoedeling aanspreek.

word en wat dus verantwoordelik is vir die heersende en voortgaande lyding van die onverloste skepping, het Israel 'n hoogontwikkelde verantwoordelikheidsgevoel geken. Opvoedkundig was dit van die grootste betekenis. Daaruit moet dan ook onder meer die hoë waarde toegeskryf word wat aan die opvoeding toegeken is: opvoeding was die belangrikste middel om die Messias se koms moontlik te maak deur vir God 'n toebereide volk te vorm. Aangesien Israel as volk geroep is, was elke individu ook vir die welsyn en die lyding van die gemeenskap verantwoordelik. By Israel is die versplinterende individualisme van die Griek derhalwe onmoontlik: elke lid van die volk is verantwoordelik aan Jahwe, die Enige an Almagtige, wat hemel en aarde gemaak en die volk uit die lyding van slawerny verlos het. Daarom was Israel deurgaans 'n teokrasie en was sy konings nooit Oosterse despote nie maar middelaarkonings wat die wil van God met die volk moes uitvoer. Die gedagte van verantwoordelikheid aan die mens self of aan die volk het by Israel nooit opgekom nie: hy was nie aan 'n mens verantwoordelik nie maar aan God self wat elke lid van die volk uniek en vir 'n besondere taak geskep het. Hoewel Israel dus nooit 'n demokrasie was nie, is die belange van die enkeling noulettend beskerm op grond van sy opgenomenheid in die verbond met God. Hierdie besef van verantwoordelikheid aan die hoogste denkbare gesag, die ewige en almagtige God, het Israel se etos en sy opvoeding op 'n peil geplaas wat in sy tyd ongeëwenaard was.

(c) Die vroegste Christendom.

Die Christelike leer vorm nie 'n breuk met die leer van Israel nie maar is die voltooiing of vervulling daarvan. Dit verskil egter van Israel in sy opvattinge oor verantwoordelikheidsaanvaarding in dié sin dat die mens nie deur sy inkeer en goeie dade vir die koms van die Verlosser verantwoordelik is nie. Volgens die Christelike leer het die Seun van God uit liefde vir die mensheid self mens geword en in sy lyding God se straf op die sonde gedra. Israel se sterk motivering van die opvoeding as voorbereiding vir die koms van die Messias verval dus: Christus het gekom, nie danksy die mens nie, maar ondanks hom en ter wille van hom. Hiermee verval 'n baie waardevolle opvoedingsmotief, te wete dié van direkte loon op prestasie [1]), van verantwoordelikheid vir die spoedige intrede of die onbepaalde vertraging van 'n gelukstaat.

Die Christendom skort egter nie die mens se verantwoordelikheid vir

---

1) Die motief van direkte loon op gelewerde prestasie is so sterk dat dit konsekwent en met groot sukses aangewend word by die dressuur van die dier wat weens die afwesigheid van 'n geestelike komponent nie vir hoër motiewe tot leer vatbaar is nie.

goeie dade op nie, maar die motivering word veel subtieler. In plaas van goeie dade te doen met die oog op toekomstige beloning, moet die Christengelowige goeie dade doen uit dankbaarheid vir sy reeds ontvange verlossing en uit liefde vir die medemens. Om 'n persoon te beweeg om uit dankbaarheid te handel in plaas van met die hoop op beloning stel aan die opvoeding relatief veel hoër eise. Die liefde waardeur die aanvaarding van verantwoordelikheid vir die medemens — ook in die opvoeding — moontlik word, spruit uit die liefde wat God aan die mens bewys. Die medemens, en die kind, word in liefde aanvaar omdat hy ook 'n kind is van die Vader wat my in liefde gered het. Hy word met ander woorde aanvaar ter wille van wat hy <u>is</u> en nie ter wille van wat hy <u>presteer</u> nie.

Die Christendom eis van die mens die hoogste vorm van verantwoordelikheid: verantwoordelikheid teenoor die Almagtige, Algewende en Alliefhebbende God, nie in die verwagting van toekomstige seëninge nie, maar uit liefde en dankbaarheid vir die vryheid van sonde en skuld wat Christus hom geskenk het. In die opvoeding beteken die aanvaarding van verantwoordelikheid dat die opvoeder aan die kind die liefde van God moet bemiddel. Hy moet vir die kind die konkrete beeld van God se liefde wees; hy moet nie liefde as beloning skenk nie, maar moet éérste liefhê.

(d) <u>Die huidige tyd</u>.

Onder invloed van die humanisme, wat in sy mensliewendheid oneindig baie gedoen het om die lewensomstandighede van die gewone mens en die opvoedingsgeleenthede van die kind te verbeter, is daar tans talle organisasies wat spesifiek vir die minderbedeelde en vir die kind verantwoordelikheid aanvaar. Daarbenewens bestaan daar uitgebreide wetgewing om die swakke en afhanklike te beskerm. Die mensliewendheid van die moderne humanisme kan egter nie tot die oorspronklike Griekse <u>humanitas</u> teruggespoor word nie: dit is 'n later toevloeisel wat aan die Christendom met sy leer van naasteliefde ontspruit het.

Die moderne samelewing is egter nog slegs in naam Christelik, soos die snelle opkoms van die moderne "God is dood"-filosofie bewys. Daarom erken dit geen bonatuurlike outoriteit nie. Deur die evolusieteorie en die dinamiek van die moderne samelewing bewus gemaak van sy veranderlikheid, erken die Westerse beskawing ook nie meer Plato se absolute waardes nie. Die moderne mens is 'n Sofis-mens: hy is sy eie maatstaf en erken geen bonatuurlike en blywende gesag nie. Net soos die Griek het hy lank met die optimisme wat aan die vooruitgangsgeloof eie is, die rede as die hoogste gesag erken, maar hy belewe tans die ineenstorting van hierdie

opvatting: die geweld en ontwrigting van die moderne tyd het onweerlegbaar bewys dat meeste mense nie bereid is om hulle deur die gesag van die rede te laat bind nie.

Die mens besef egter intuïtief sowel as bewus dat hy bindende gesag oor hom moet hê as die samelewing nie in wanorde moet uiteenval nie. Saam met die moderne gevoeligheid vir die betekenis van menslike dialoog en die gemeenskapsgebondenheid van die enkeling poneer hy dus die gesag van menslikheid wat meestal egter slegs op 'n vae welwillendheid neerkom en wat tot uiting kom in die moderne neiging tot nivellering en wêreldregering. Die mens word dus verantwoordelik gestel aan die mensheid, wat 'n contradictio in terminis is en op 'n alleenspraak met homself neerkom. In die moderne tyd van oordemokratisering bring dit dikwels slegs 'n wettiging van die wispelturige mag van die menigte mee. Waar die mens net aan homself verantwoordelik is, ontbreek alle absolute en onpartydige maatstawwe en moet mag en geweld al hoe meer die deurslaggewende argument word. As daar geen ordenende, onveranderlike en onomkoopbare gesag is wat die mens aanspreek en tot verantwoording roep nie, kan dit nie anders nie as om tot anargie en chaos of tot oorheersing van die swakke deur die sterkere te lei. Gesag en verantwoordelikheid berus op andersheid, op verskil tussen gesaghebber en gesagsvolgeling. As die oorkoepelende gesag van God ontken word, is die mens genoodsaak om kunsmatige verskille tussen heerser-mens en oorheersde-mens te skep, en dit rus feitlik deurgaans op geweld. Daarom moes Nietzsche se mensheidsideaal nadat God "dood" is, noodwendig die Uebermensch word wat deur magsbegeerte besiel is.

In 'n tyd wat gerig is op nivellering en wat steeds bedreig word deur versplintering van die samelewing, kry die opvoeding natuurlikerwys die taak om die kind by die samelewing te laat aanpas. Wanneer die samelewing steeds besig is om te verander, soos tans, beteken dit dat die opvoeding geen vaste rigting kan hê nie, wat natuurlik 'n hoogs ontredderende uitwerking op die jongmens se volwassewording moet hê: hy besef steeds dat die doel wat vir hom gestel word om na te streef voorlopig is en nie vas staan nie. Vanselfsprekend kom hy dan nie tot volle inset van sy persoonlikheid nie en leer hy om elke doel wat gestel word en elke mens met 'n sekere mate van gereserveerdheid te aanvaar.

Saam met 'n bonatuurlike gesag wat enkeling en gemeenskap tot verantwoordelikheid kan roep, verval die band wat die geheel onder één gesag saamvoeg en word die gemeenskap aan die wispelturigheid en eiebelang van magtige enkelinge oorgelewer wat geen hoër gesag as hulle eie mags-

begeerte erken nie. [1])

Met sy redebeheptheid, waardeur hy slegs die logies-bewysbare erken, het die moderne Westerse beskawing alle bonatuurlike gesag verwerp. Aan die adel van sy Christelike erfenis kan hy egter nie volkome ontkom nie: die rus en die onkunde van die heidendom is, soos die tuin van Eden, vir ewig vir hom verlore. Daarom weet die Weste nog van verantwoordelikheid, maar dit swel by hom aan tot 'n ondraaglike skuldgevoel wat hy ooreenkomstig sy materialistiese ingesteldheid naïef probeer afkoop met stemreg aan gedekolonialiseerde inboorlinge en met geldelike vergoeding aan die naasbestaandes van uitwissingskampe of mynrampe. Die skuldlas bly nietemin onaflosbaar want die persone wat benadeel is, is in meeste gevalle reeds dood en dus onbereikbaar vir sy vergoeding. Selfs in gevalle waar hy wel materiële retribusie kan doen en selfs waar hy homself gee in die vorm van diens aan die veronregte, vind hy dat die skuldlas nogtans nie te niet gedoen kan word nie, eenvoudig omdat die oortreding nie in die eerste plek teen die mens was nie en dus ook nie deur die vergiffenis van die mens uitgewis kan word nie. Saam met die Gesag wat verantwoordelikheid oplê, het in die Westerse denke ook die enigste Gesag verdwyn wat skuld kan vergewe. Dit laat die Weste met 'n neurotiserende en ondelgbare skuldlas wat ook sy opvoeding ernstig belemmer deur óf tot 'n blywende skuld- en minderwaardigheidsgevoel óf tot brutale ontkenning van aanspreeklikheid aanleiding te gee.

Saam met die verdwyning van 'n onaantasbare gesag verdwyn ook die menslike gesagsfigure. Die heldhaftige word te niet gedoen in die tyd van neerhaling van die uitstaande. Die held van die moderne jeugdige is in toenemende mate die asosiale tipe, die passiewe rebel teen die samelewing, die parasiet, die sedelose "misfit", die verslaafde aan drank en verdowingsmiddels, die leeglêer sonder ideale. Ontdaan van gesag en die positiewe voorbeeld van besielende gesagspersone is opvoeding nie moontlik nie: dan kan geen rigtingbewuste, toegewyde persoonlikheid gevorm word nie; dan word die jongmens oorgelewer aan die wispelturigheid en die modegrille van die enkeling-magsmens, of aan die groue verdwaasdheid van Das Man.

Uit die oogpunt van verantwoordelikheid en gesagserkenning is die moderne diesseitige lewensopvatting bedenklik. Dat die moderne mens die

---

1) In die filosofie propageer Nietzsche dan ook die magsmens as ideaal. Dit is egter veel meer 'n poging tot die regverdiging van die onvermydelike as 'n ideaal, soos sy emosie-belaaide betoog verraai.

Joods-Christelike beskouing grootliks versaak het, hou nie alleen die groots moontlike gevare vir die jeugdige se persoonlikheidswording in nie, maar - omdat slegs brute geweld op die duur die lugleegte van verdwene gesag kan vul - kan dit in die huidige tyd van hoogontwikkelde tegniek die mensheid self aan uitdelging of minstens aan permanente fisieke sowel as geestelike verminking blootstel. 1)

Watter ontredderende uitwerking hierdie volkome negatiewe toekomsbeeld, hierdie perspektief van 'n toekomslose toekoms, op die jeug moet hê, is moeilik voorstelbaar. Waar gesag verval het, verdwyn verantwoordelikheid en verval die mens tot die benede-personale en dus onopvoedbare.

(3) <u>Die normatiewe</u>.

Die mens is in sy diepste kern 'n waardewese en opvoeding, wat die jeug se optimale menswording beoog, is dus uiteraard altyd met waardes gemoeid.

Omdat hy burger van twee wêrelde is, ken die mens materiële en geestelike waardes, maar die rigting van sy lewe word bepaal deur die mees standhoudende, die geestelike waardes wat op hulle hoogtepunt in filosofie en religie uitdrukking kry. Waar materiële waardes die praktiese noodsaak dien, is dit die geestelike waardes wat vir hom die sin aandui van die praktyk en die materiële waardes, van sy lewe en wat met hom gebeur en dus in wyer verband van die verloop van die menslike lewe as geheel soos dit in die geskiedenis sy neerslag vind. Nêrens spreek die geestelike waardes wat gehuldig is dan ook duideliker as in die geskiedenis nie.

(a) <u>Hellas</u>.

Uit die oorsig van die antropologie van Hellas is dit duidelik dat die Griek geen allesdeurstralende sin in die lewe en dus ook in die geskiedenis as kroniek van die ontvouende lewe gesien het nie. Op praktiese gebied het hy wel van waardes geweet, selfs van verhewe waardes soos getrouheid aan die polis, regverdigheid, demokrasie, die ewewigtige ontwikkeling van die persoonlikheid, en dies meer. Hy het egter 'n aardgebonde bestaan gevoer sonder 'n hiernamaalsperspektief, en dus kon hy geen uiteindelike, transendentele doel en sin vind nie: die finale sin van alle dinge kan nie in die immer-wisselende gety van aardse gebeure self lê nie, en vir die Griek was daar niks anders as die ewige herhaling van die aardse bestaan nie. Plato voel aan dat daar ewige waardes is,

---

1) Volgens 'n radioberig van Oktober 1967 het Rusland en die V.S.A. op daardie tydstip gesamentlik oor militêre slaankrag beskik wat op 150 ton plofstof per kop van die wêreldbevolking bereken is.

maar deurdat hy geen persoonlike God ken wat self met die mens in kontak kan tree en hom die verborge sin van dinge bekend kan maak nie, moet elkeen self hierdie waardes soek. Vanselfsprekend loop dit uit op die Sofiste se uitspraak dat elke mens sy eie maatstaf is, en dit eindig in die chaos van demokrasie wat in bandelose individualisme en eiebelang versplinter omdat daar geen saambindende, omvattende sin bestaan wat deur almal as geldige norm erken word nie.

Die Griekse opvoeding kon dus slegs vir die praktyk van die aardse bestaan voorberei terwyl dit verder in die mens die verlange gewek het om na blywende waardes te soek. Daardeur het dit die begaafde persoon tot filosofiese denke geprikkel met die gevolg dat die Griekse wysbegeerte 'n hoogtepunt bereik en vir eeue gehandhaaf het - maar die sin van die bestaan kon dit nie aantoon nie.

Die Griek was 'n rede-mens en het die syn deur middel van die denke alleen probeer benader, maar die rede is uiteraard op die waarneembare en bewysbare, dus in wese op die materiële bestaan gerig. Die sin van die lewe, wat terselfdertyd die norm vir menslike gedrag en dus vir die opvoeding is, lê egter nie op die aardse vlak nie hoewel dit ook die aardse bestaan deurstraal. Die Griek kon met sy bewonderenswaardige redebekwaamheid dus wel aflei dat daar sin in die lewe moet wees en dat sin noodsaaklik vir die lewe is, maar hy kon dié sin nie vind nie, eenvoudig omdat hy dit net in die aardse bestaan en met die logiese rede gesoek het. Met sy eis van verifieerbaarheid het die wysbegeerte homself 'n beperking opgelê wat hom prinsipieel daarvan weerhou om sy taak, die aantoon van die sin en die syn, te volvoer.

(b) <u>Israel</u>.

Israel is daarteenoor nie op die visuele en die bewysbare ingestel nie, maar op die <u>gehoor</u>. Hy bekyk nie, maar luister, en daardeur word die sin van dinge aan hom meegedeel sonder dat hy dit met die rede alleen soek of probeer beoordeel. Die sin van die lewe van die enkeling en die gemeenskap vind Israel in die religie, nie in die filosofie nie; dit spreek tot hom uit die transendente wat nie vir die rede nie maar slegs vir die fyner geestelike sintuie van geloof en liefde toeganklik is omdat dit die mens reseptief instel in plaas van aggressief en verowerend.

Die sin van die bestaan lê vir Israel in meelewe met God, waardeur die koms van die Messias moontlik gemaak moet word. Dit lê dus vir hom in die lewe volgens die Tora as uiting van God se wil.

Vir die opvoeding het dit 'n onoortrefbare betekenis. Elke mens kry

as wegbereider die hoogste betekenis en sy lewe is ingebed in die hegte gemeenskap wat God se verbondsvolk is. Die opvoeding het hier Messiaanse betekenis en elke kind moet opgevoed word om met elke handeling, woord en gedagte die koms van die Koninkryk voor te berei.

Hoewel die kiem van 'n jenseitsverwagting reeds in die Ou Testament aanwesig is, het dit by Israel nog nie tot 'n algemeen-aanvaarde geloof uitgegroei nie. Die sin van die lewe lê dus vir hom in die uiteindelike voleindiging deur God in die Messiasryk, maar hoewel hy dit as 'n ewige ryk sien, verwag hy dit in die vorm van 'n aardse ryk.

Die Griekse politeïsme het tot sinisme en ongeloof in die gode gelei waardeur hierdie kultuur geen eschatologiese verwagting kon hê nie. Israel weet egter van Een God wat aan die begin en aan die einde is en wat in sy almag alle dinge bestier. Deur hierdie hoër bewussyn van God se wese kon die Israeliet in sy lewe en in die opvoeding die hoogste sin sien.

(c) Die vroeë Christendom.

Vir die Christendom lê die belangrikste gebeurtenis van die geskiedenis, die ingryping deur die Verlosser, nie soos vir Israel in die onbepaalde toekoms nie: dit het reeds plaasgevind. Christus se koms is die singéwende middelpunt van die geskiedenis. Die huidige tyd is eindtyd, genadetyd vir die mens om die evangelie aan alle mense te bring vóórdat die einde kom en Christus as regter verskyn. Die norm wat die mens se lewe en dus ook die opvoeding moet beheer, is deur Christus self ondubbelsinnig gestel: liefde vir God en mens. Deur hierdie norm metterdaad na te leef, moet elke gelowige help dat die koninkryk van Christus uitgebrei word want dit het reeds op aarde 'n aanvang geneem. Die Christendom trek dié singéwende voleindiging egter by die aarde verby na die jenseits: die volheid van die Koninkryk sal eers in die hiernamaals aanbreek. Daardeur kry die verganklike aardse bestaan ook ewigheidsbetekenis.

Dat Israel en die Christendom in die lewe sin kon vind wat as die hoogste norm kon dien, is daaraan toe te skryf dat hulle die geskiedenis as die mens se onderweg-wees na die finale voleindiging gesien het, na die finale herstel en voltooiing van sy beeldskap van God, na sy ware volwassewording.

(d) Die huidige tyd.

Die huidige tyd word gekenmerk deur toenemende historiese relativisme: die mens word, ook in die filosofie, al hoe meer gesien as 'n wese wat "niet in essentie gelijkblijft, en niet een vaste bestemming heeft, maar zich altijd door verandert en zelf scheppend een zin geeft

aan zijn bestaan." [1]) Die moderne mens is 'n Griekse mens, 'n Sofis-mens wat self sy waardes wil vind en dit van niemand wil aanneem nie. Maar meer nog: die Griek het geglo dat daar ewige waardes is wat gevind moet word; die moderne mens het sy geloof in God, die ewigheid en ewige waardes verloor. Hy moet die waardes wat hy nodig het, dus self skep. Sonder die ewigheid en die sin wat slegs die ewigheid aan sy lewe kan gee, kan die mens egter nie werklik mens wees nie. [2]) Vandaar die ontreddering van die huidige tyd. Die mens voel dat hy in 'n absurde wêreld woon. Dat hy in outonomie sy eie waardes moet skep bring mee dat hy nie werklik daaraan gehoorsaam kan wees nie. Dit lei dus tot nihilisme want waarheid word dan iets bloot persoonliks wat van mens tot mens wissel. [3])

Die gevoel dat niks meer vasstaande is nie, word versterk deur die heersende "nomade"-bestaan: in die dinamiese, wêreldomspannende en genivelleerde gemeenskap is die mens al hoe minder aan plek gebonde. Daardeur verloor hy kontak met vorige geslagte en met die gevoel van deel van 'n ewige ketting te wees. Sy bande met die verlede verswak, die samelewing versplinter in losstaande individue wat van geen gemeenskaplike herkoms meer weet en geen gemeenskaplike toekoms nastreef nie. [4]) Saam met die voortgaande verval van bindinge met die gemeenskap en tradisionele waardes verval ook die sterk band wat eeue lank tussen die Christendom en die kultuur bestaan het. [5]) Die kultuur raak nie slegs in toenemende mate los van die Christendom nie, maar kom al hoe meer daarteenoor te staan. God, die ewigheid, en daarmee saam die absolute norme, vervaag al hoe meer uit die moderne Westerse samelewing. Die mens word as 'n evoluerende dier gesien, onderweg na homself, nie na God nie. In 'n mensbeskouing wat op voortdurende ontwikkeling (evolusie) gebou is, kan daar uiteraard geen absolute en vasstaande maatstawwe wees nie. Norme wat in die verlede gegeld het, raak outomaties verouderd omdat dit laer op die evolusieleer van krag was maar reeds verbygesteek is. [6]) Die enigste norm wat vir die evoluerende mens kan geld, is die wil tot mag. Die toekomsbeeld van die moderne mens is dus al hoe meer dié van die geweldenaar. Die vooruitgangs-

1) Krüger: Fundamentele problemen der hedendaagse wijsbegeerte, p.22.
2) Loc. cit.
3) Van Peursen: Riskante filosofie, p. 129.
4) Die nadelige uitwerking van die heersende mobiliteit van onderwyskragte word nie ten volle besef nie. Die skadelike uitwerking van 'n te groot wisseling van onderwysers raak nie net die kontinuïteit van die behandeling van die leerstof nie, maar gaan veel dieper: veral die jong kind vertolk die vertrek van 'n onderwyser as verwerping van homself of as magteloosheid van die onderwyser wat hom óf nie lief genoeg gehad het óf nie by magte was om by hom te bly nie.
5) Krüger: Op. cit., p. 69.
6) Vgl. Lessing se geskiedenisbeskouing op p. 21-22 van hierdie studie.

optimisme van die rasionalisme het 'n dwaling geblyk te wees. Die rasionalis het sy eie rede in plaas van die religie gestel en God geleidelik uit sy bestaanswêreld verdring. Van primitiewe panteïsme het die Westerse mens in sy beskawingsgeskiedenis via teïsme tot deïsme en vandaar tot ateïsme gekom. Sedelikheid is onlosmaakbaar aan religie gekoppel en wanneer God "dood" is, verval dus ook alle absolute sedelike norme: dan is die mens op sy eie wisselende maatstawwe aangewys wat boonop van mens tot mens verskil en in niks anders as sedelike chaos kan eindig nie. So staan die mens van die 20^ste^ eeu ten spyte van sy voorheen ongekende stoflike welvaart en mag tussen die puin van sy utopieverwagtinge. Omdat hy gekondisioneer is om net die materiële te sien, kan hy nie begryp wat verkeerd gegaan het en waarom sy materiële kundigheid in hierdie krisis nutteloos blyk nie. Deur religie met logiese denke te vervang het hy homself afgesny van God wat alleen die hoogste norm en sin van die lewe en die bron van alle wysheid en krag is.

Om sy voortbestaan te red, sal die mens 'n uitweg uit die doodlooppad waarop die logiese denke hom gevoer het, moet vind. Dan sal hy egter die beeld wat hy van homself as 'n listige dier opgebou het, moet skrap. Hy sal in plaas van slegs analities en logies ook weer kreatief moet begin dink, en dit kan hy slegs doen as beelddraer van God. Om gered te word, sal die mens homself eers weer moet ontdek, en dit beteken dat hy sy betrokkenheid op God sal moet herontdek. Die mens is op grond van sy geskapenheid altyd in relasie tot God [1]) en hy sal nie weer ten volle mens wees eerdat hy van hierdie betrokkenheid bewus word en dit uitbou nie. Om die mens se bewustheid van sy relasie tot God uit te bou en hom daardeur weer waarlik mens te laat word, is miskien die belangrikste taak van die opvoeding. Krisisomstandighede kan help om die mens gevoelig te stem om weer van sy goddelike afkoms bewus te word, maar kan nie meer doen as om net die gunstige klimaat daarvoor te skep nie. Om hom die weg na God terug te wys, is die taak vir 'n bewuste en doelbewuste ingryping: dit is die taak van die opvoeding gesien as voortgaande persoonlike beïnvloeding met die doel om die mens 'n hoër vorm van volwassenheid te help bereik.

Vanuit opvoedkundige oogpunt is die huidige siening van die mens as outonome god-lose wese wat geen band met absolute norme het nie, in die hoogste mate gevaarlik. Sonder 'n absolute hoogste norm wat aan die mindere struktuur kan verleen, raak alle waardes diffuus en eindig dit onvermydelik in nihilisme wat op geestelike selfmoord neerkom. Die soeke na

1) Vgl. Frankl, V.E.: De onbewuste God, p. 68-82.

sin is 'n primêre krag in die lewe van die mens [1]) en waar die enigste absolute norm en bron van sin ontken word, kan die mens nie anders as om in vereensaming of in konformiteit te verval nie want daar is geen allesomvattende sin wat sy lewe met dié van ander verbind nie. Omdat hy 'n kultuur- en nie slegs 'n natuurwese is nie, beskik die mens nie soos die dier oor instinkte wat as vaste riglyne vir sy lewe kan dien nie. As hy daarbenewens die ewige norme verloor, kan hy nie anders nie as om in eie wispelturigheid of in die groue gelykskakeling van Das Man te verval nie. Teen hierdie agtergrond van 'n normatiewe lugleegte word die algemene voorkoms van alkoholisme, jeugmisdaad, magsbegeerte, winsbejag en kompensasie deur seksuele uitspattighede of verslaafdheid aan verdowingsmiddele verstaanbaar. [2])

In hierdie donker prent van die huidige samelewing is daar egter die basiese moontlikheid van verandering en redding altyd aanwesig: <u>die mens kan sonder die wete dat sy lewe sinvol is, nie aanhou lewe nie</u>. Dit kan dus verwag word dat hy, namate sy bestaan in absurditeit toeneem, in selfverdediging na die werklik sinvolle sal begin soek. Prinsipieel is die moderne opvoeding met sy ideaal van materiële voorspoed en die "pursuit of human happiness" op 'n pad wat direk van die mens se ware belange af wég voer. In plaas van demokratisering en konfliklose inskakeling by die samelewing behoort die opvoeding hom dit ten doel te stel om die mens se smartlike besef van sy onvolledigheid en die valsheid van sy materiële welsyn te verskerp. Slegs 'n verhoogde gevoeligheid vir sy lyding sal die mens daartoe bring om na hoër sin as die materiële te vra. Die taak van die opvoeding is nie om die mens teen lyding te insuleer nie, maar om hom enersyds meer bewus te maak daarvan en hom andersyds te help om die opvoedkundige betekenis daarvan te ontdek.

(4) <u>Die idee van volwassenheid</u>.

Opvoeding word beskryf as hulp aan die kind sodat hy sy volwassenheid, dit is sy volledige menswording, kan bereik. Besondere kenmerke van volwassenheid, soos verantwoordelikheidsaanvaarding, gesagserkenning en getrouheid aan die normatiewe het reeds in die voorafgaande paragrawe van hierdie afdeling ter sprake gekom en hoef nie herhaal te word nie.

Een van die belangrikste kenmerke van die volwassenheid waarop veral in die moderne sielkunde klem gelê word, is gemeenskapsin: die behoefte

---

1) Frankl, V.E.: Man's search for meaning, p. 99. Vgl. ook p. 105.
2) Ibid., p. 109.

en die vermoë om bindinge aan te gaan.

Hierdie bindinge wat die mens aangaan, betrek die volle skala van sy bestaan: hy gaan bindinge aan met die lewelose natuur en die natuurwesens, met die medemens en met God wat vir hom die sinvolle van alle ander bindinge aandui. Daarmee is die mens basies op God betrokke.

(a) Hellas.

Die Griek het die mens gesplyt in 'n goddelike siel (wat met die rede saamgeval het) en 'n sondige liggaam. Die enigste eerbare binding met die medemens was dus deur middel van die rede. Dit het aanleiding gegee tot die Griekse redesnobisme en tot minagting van die vrou, wat met die liggaam en die biologiese geassosieer is. Ten spyte van sy ideaal van ewewigtige ontwikkeling het die Griek die rede as verreweg die hoogste waarde beskou. Sy volwassenheidsideaal was dan ook homo sapiens, die denkende mens, en Socrates was die mening toegedaan dat slegs die filosoof die geslag van die gode sal binnegaan. [1])

Die Griekse idee van volwassenheid was derhalwe op die intellek toegespits. Vanselfsprekend lei dit deur verabsolutering van één komponent van die mens tot 'n onewewigtige mensbeeld en sluit dit die intellektueel swakker begaafde van die moontlikheid van ware volwassenheid uit. Met sy opvatting dat slegs dit wat gedink kan word werklik is, verarm dit die menslike bestaan [2]): die hele sfeer van die irrasionele word sonder meer ontken.

Uit die oogpunt van die opvoeding wat die ideaal stel om elke kind tot die optimale volwassenheid van sy totale persoonlikheid te steun, was die Griekse idee van volwassenheid met sy oordrewe klem op die rede gebrekkig.

(b) Israel.

Dit is opvallend dat Israel geen pertinente omskrywing gee van wat hy onder volwassenheid verstaan nie. Vir hierdie volk is die hoofsaak nie die sedelike peil wat 'n persoon bereik het nie, maar sy saamgaan met God. Israel het hoë waardering vir die betekenis van die liggaam en vier die seun se toetrede tot volwassenheid feestelik, maar hy het raak gesien dat die hele lewe 'n ingroei in volwassenheid is. Vir Israel duur die opvoeding prinsipieel dus lewenslank, 'n opvatting wat in die praktyk tot uiting kom in die uitgebreide vormingswerk wat van die sinagoge en die tempeldiens uitgaan.

---

1) Vgl. hierdie studie, p. 136.
2) Van Melsen, A.G.M.: Natuurwetenschap en techniek, p. 22.

Die volwassenheidsideaal van die Griek is die selfstandig-denkende mens. Terwyl die mens wel die stadium bereik waarop hy betreklik onafhanklik kan dink en as outonome individu onder die gewig van sy eie denke staande kan bly, bereik die mens wat hom in die religieuse verdiep nooit 'n stadium waarop hy onafhanklik is nie: hy bly steeds 'n luisterende wese, wagtend op die stem van God wat hom onderrig. Vandaar dat Israel nie veel van volwassenheid praat nie: hy weet dat hy in die diepste kern van sy persoonlikheid sy lewe lank teenoor God in die verhouding van kind teenoor opvoeder staan.

(c) Die vroeë Christendom.

Die opvoedingsverhouding waarin die Israelitiese mens teenoor God staan, kry in die Christendom nog verdere beslag. God word hier as die Vader gesien en Christus is self die leermeester. Die hele lewe word as 'n opvoedingsproses, as 'n toename in bewussyn van God gesien, sodat ware volwassenheid eers in die hiernamaals bereik sal word [1]) wanneer die gelowige tot die mate van die volle grootte van Christus sal kom. [2])

Om soos Christus te wees, sluit in dat die gelowige Hom ook in lyding sal navolg. Ware volwassenheid beteken dus dat die mens ook in sy lyding sin sal kan sien en lyding wat nie vermy kan word nie gewillig op hom sal neem. So staan die mens se hele lewe van geboorte tot dood en in elke aspek van sy bestaan in die teken van opvoeding tot bewuswording van sy beeldskap van Christus.

(d) Die huidige tyd.

Met sy diesseitgerigtheid heg die moderne mens weinig geloof aan die moontlikheid, laat staan die sekerheid, van 'n lewe hierna. Die 20ste eeuse mens is in alle toonaangewende opsigte 'n Griekse mens, maar dan 'n verworde Griekse mens [3]): sy lewe is op die aarde en die materiële, op gewin en besit toegespits in 'n mate wat die Griek met sy opvatting van die onwaardigheid van die materie barbaars sou gevind het. Die idee van volwassenheid is in die huidige Westerse samelewing oorwegend die mens wat deur besittings mag oor ander verkry. Hy het die bestaan van die ewigheidskomponent van sy persoonlikheid ontken en homself daarmee tot natuurwese gedevalueer. Sy idee van volwassenheid is daarmee dié persoon wat in die stryd om die voortbestaan bo uitkom. Hieruit is die moderne sukses-aanbidding, die Mammonverslaafdheid, statusbeheptheid en die oordrewe klem op jeug en seksualiteit as essensie van die lewe te verklaar.

---

1) I Kor. 13:12.
2) Efes. 4:13.
3) Vgl. Van Melsen: Natuurwetenschap en techniek, p. 175.

In so 'n lewensbeskouing kan lyding geen sin hê nie maar slegs tot verbystering lei en dit moet dus sover moontlik verdoesel word. Die moderne neiging om straf en veral liggaamstraf uit die opvoeding te weer, is deels hiervan 'n uitvloeisel.

Die kind word tans opgevoed vir handeling en sosiale aanpassing want ooreenkomstig die evolusiegedagte is dit slegs dié wese wat die doeltreffendste kan handel en aanpas wat behoue bly. Die samelewing word tans gesien as 'n suiwer menslike, en die Joods-Christelike luisterende ingesteldheid verval dus want daar is niemand anders om na te luister as die medemens nie , en hy is 'n mededinger oor wie ek moet heers as ek nie deur hom oorheers wil word nie. [1])

In die mededingende, evolusionêre samelewing speel die rede 'n uiters belangrike rol: die mens word naamlik as 'n dier beskou wat deur sy groter breinkapasiteit voorrang oor "ander" diere verkry het en dit ook oor sy minderbegaafde medemens verkry. Hierdie rede wat die moderne mens die hoeksteen van sy bestaan gemaak het, verskil egter ingrypend van die Griekse logos. Die Griek het hom gewy aan spekulatiewe denke, aan soeke na die waarheid en die waardevolle, na die syn en na die sin van dinge; die denke van die moderne mens is egter 'n toegepaste denke wat veral op die stoflike, op tegniek en utiliteit gerig is. Dit is 'n denke wat op grond van sy mens- en aardgerigtheid in die materiële vasgevang is; dit is aan vooruitgang gekoppel en nie aan geloof en waarheid nie, dit is op verowering gerig, nie op luister en gehoorsaam nie. Daarom distansieer dit die mens van ander in plaas van hom aan ander te bind.

Die opvoeding wat aan hierdie idee van volwassenheid beantwoord depersonaliseer die kind en bring mee dat sy geestelike komponent - ál waardeur die mens van die dier onderskei word - atrofeer en nooit tot volle ontwikkeling kom nie. Hierdie soort opvoeding maak hom skuldig aan verraad teenoor die opvoedeling deur hom nie met sy verantwoordelikheid en die volheid van sy persoonlikheid vertroud te maak nie. Dit verloor uit die oog dat nie die rede nie maar geloof die beginpunt van alle vooruitgang - ook materiële vooruitgang - is. Dat wie geloof het, 'n berg kan beveel om hom in die see te werp [2]) nie slegs beeldspraak is nie, is al herhaaldelik in die praktyk bewys. [3]) Wanneer die mens begin om kreatief te dink ten einde 'n weg uit die huidige lewensgevaarlike rede-

1) Vgl. hieroor die opvattinge van Sartre op p. 43-45 van hierdie studie.
2) Mark. 11:23.
3) Soos byvoorbeeld by die bou van die Panamakanaal, die huidige werk aan die Oranjerivier-waterskema ens.

stagnasie te vind, sal geloof daaraan ten grondslag lê. Die huidige opvoeding wat, net soos in Athene, die denkende mens - maar tans die utilitêr-denkende mens - as idee van volwassenheid stel, hou nie alleen die grootste gevaar vir die uitgroei van die mens tot die volheid van sy persoonlikheid in nie, maar bedreig tewens die voortbestaan van die menseras self.

Dit is geen wonder dat daar by die jeug toenemende verset teen hierdie verminkte siening van wat volwassenheid behoort te wees, na vore tree nie. Verset van die jeugdige teen die instellinge van die volwassene is normaal en wenslik: hy moet gestelde waardes toets voordat hy homself daaraan kan wy. Tans groei daar egter 'n geslag op van wie 'n groot persentasie alle waardes botweg verwerp sonder om na ander te soek: hulle weet vooruit dat alles sinloos is. Hierdie volslae apatie bring mee dat die ankerlose jeug geen blywende bindinge meer wil aangaan nie, nie aan waardes nie en ook nie aan die medemens nie. [1]) 'n Groot groep jeugdiges wil nie meer volwasse word nie. [2])

Dit is duidelik dat die moderne idee van volwassenheid in plaas van besieling in opvoedkundige sin dodelike gif inhou. Die rede daarvoor lê waarskynlik daarin dat dit 'n benede-menslike en vernederende vorm van volwassenheid aan die jeugdige voorhou.

Na meer as vyf-en-twintig eeu van beskawing kan die mens nie meer soos sy primitiewe voorouer die eenvoud en rus van onwetendheid hervind en bloot volgens sy drange lewe nie. Hy weet van waardes, en al ontken hy die bestaan van sy geestelike komponent, bly hy op waardes betrokke en sal hy nie volwassenheid kan bereik en geluk kan vind as hy dit nie met die totaliteit van sy persoonlikheid, dit wil sê ook met sy geestelike komponent nastreef nie. In die diepste, singéwende kern van sy wese bly hy betrokke op God wat hy tans as dood beskou. Solank God "dood" is, kan die mens nie anders as 'n verminkte wese wees nie want sy menswees berus op sy beeldskap van God. Die mens wat die bestaan van God ontken, dra die beeld van die Niks. Die feit dat God in die moderne tyd "gesterf" het nadat Hy sedert die Renaissance geleidelik deur die antroposentriese lewens- en wêreldbeskouing verdring is, laai tewens op die mens van vandag die

1) So word beweer dat die rook van dagga by die sogenaamde "hippies" nie gewild is nie omdat dit seksuele begeerte stimuleer en dus kontak met ander eis. Hulle byeenkomste word na bewering gekenmerk deur die stuporistiese versonke wees van elkeen in homself. Ook die moderne danse weerspieël dié afsydigheid van kontak.

2) Vgl. die verering wat tienderjarige mode-heldinne soos Twiggy, die simbool van die kind wat nie volwasse word nie, te beurt val.

onaflosbare skuldgevoel dat hy aandadig is aan die "moord" op God.

Tot tyd en wyl die mens leer om weer op te kyk van die materie af en sy betrokkenheid op die lewende God en die lydende en herrese Christus herontdek, kan hy nie anders as 'n verminkte idee van volwassenheid hê nie, kan hy nie anders as 'n geamputeerde mens wees nie.

Vanuit die oogpunt van die opvoeding wat steeds met die idee van volwassenheid gemoeid is, kan nie toegelaat word dat die huidige vergiftigende en verdierlikende mensbeskouing voortbestaan sonder dat gepoog word om dit te korrigeer nie. Om hiertoe 'n beskeie bydrae te probeer lewer, is die onderhawige studie onderneem.

\+ + + + + +

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die Joods-Christelike mensbeskouing die hoogste moontlikhede vir die opvoeding bied. Gemeet aan die voorwaardes vir die pedagogiese, te wete aanvaarding, verantwoordelikheidsbesef, gesagserkenning, die normatiewe en die idee van volwassenheid, is dit die enigste antropologie wat aan al hierdie verskynsels ruimskoots voldoen. As voltooiing en vervulling van die Ou Testamentiese religieuse en mensbeskouing stel die Christelike antropologie aan die opvoeding hoë en subtiele eise.

Terselfdertyd is dit opvallend watter gebrekkige fondament die antropologie van Hellas aan die opvoeding bied. Nogtans toon die huidige Westerse samelewing mét sy opvoeding groot ooreenkoms met die Griekse kultuur en, in sy geheel genome, weinig met die Christelike. Die entelechie, die grondliggende lewens- en wêreldbeskouing wat in die moderne Westerse samelewing konkrete vorm aangeneem het, is dié van Hellas, nie van Sinaï en Bethlehem-Golgota nie. Daarby is die Westerse mensbeskouing besoedel deur die toevoeging van 'n modderstroom van materialisme en 'n masochistiese verontmensliking waarin die mens skynbaar behae daarin skep om minder te wil wees as wat hy bedoel is om te wees.

Die mens kan egter nie die eenvoud, die onnadenkendheid en die skuldloosheid van die dier bereik nie, hoeseer hy dit ook al mag nastreef: as beelddraer van die Al-wetende is daardie rus van onbewustheid vir hom afgesluit. Voorts kan hy ook nie na die ongekunsteldheid van die heidendom terugkeer nie: tussen die moderne God-ontkennende mens en die met-God-onbekende heiden staan die beeld van Christus, God in die vlees. Die kerstening van eeue kan nie weer uit die bewussyn van die mensdom uit-

gevee word nie. [1]) Die mens kan slegs één van twee paaie volg: hy kan óf verder beweeg in die rigting van religieuse nihilisme waarin hy homself steeds meer met die vryheid en die verantwoordelikheid van 'n god sal moet belas, óf hy kan in deemoed terugkeer na Christus en van Hom sy waardigheid as kind van God terugontvang.

Die mensheid staan vandag by die splyting van die pad. Die eksistensialisme is 'n skril gevaarteken wat waarsku dat één van die paaie in die geestelike, so nie die algehele vernietiging van die mens eindig. Met sy klem op die irrasionele toon hierdie filosofie ook die rigting aan waarin die redding gesoek moet word - sonder om egter self met die irrasionele die bo-rasionele te verbind en weer die mens se ware wese te ontdek. Die huidige tyd is krisistyd, ongeëwenaard in hewigheid in die lang geskiedenis van die beskawing. Maar die begrip krisis hou naas gevaar ook die element van geleentheid in. Nog is daar 'n keuse moontlik, en dit is deur verantwoordelike keuses namens homself en die medemens dat die enkeling opgevoed word en 'n hoër trap van volwassenheid bereik. Dit is langs dieselfde weg dat 'n beskawing 'n hoër peil van ontwikkeling en verantwoordelikheid bereik.

Dit is onteenseglik waar dat die huidige Weste oorwegend tot egoïsme, geweld en uiteindelike selfvernietiging gepredisponeer is. Die gevorderdheid van die tegniek laat die mens se boosheid en sy gerigtheid op desintegrasie tans op immense skaal aan die lig tree [2]): meer as ooit tevore is die mens bewus van die kwaad wat deel van sy opset is en waarteen sy rede magteloos blyk. Deur sy sikliese, natuurgebaseerde geskiedenisbeskouing gekondisioneer tot die verwagting van onafwendbare ondergang, skyn dit asof die moderne Weste in magteloosheid en fatalisme verval het. [3])

Israel en die Christendom ken egter die opvatting van die "klein res" wat getrou na die stem van God luister en deur wie die mensheid telkens gered word om voortgaande deel te hê aan die Godsplan met die skepping: in die sondvloed dryf één gesin in die ark oor die chaotiese watere, uit Sodom se brand vlug net 'n vader en sy twee dogters, in Christus het die klein res weggekrimp tot één Menseseun; ook vandag nog is daar, versprei oor die Mammonsbeskawing van rykdom en geweld, Sy navolgers, die draers van die saad van die liefdeboodskap om wie se ontwil die mensdom gespaar kan word en wat deur God gebruik kan word om die mensheid na Hom terug te lei. Hierin lê die moontlikheid, die opdrag en die betekenis van die opvoeding vir die tydelike en die ewige.

1) Vgl. Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 109.
2) Van Melsen: Natuurwetenschap en techniek, p. 283.
3) Vgl. Spengler se opvattinge op p. 23 van hierdie studie.

C. Die betekenis wat die antropologieë van Hellas, Israel en die vroeë Christendom vir die moderne opvoedkundige denke inhou.

(1) Die besondere geskiktheid van die Christelike antropologie as fondament vir die opvoeding.

Die feit dat die Hellenistiese mensbeskouing skromelik te kort skiet wat die uiteindelike opvoedingsdoel betref, beteken nie dat dit vir die moderne opvoedkundige denke waardeloos is nie. Wat die verwesenliking van aardse of voorlopige doelstellinge betref, sou die opvoeder hom aan ernstige pligsversuim skuldig maak as hy nie kennis dra van Griekse opvoedkundige opvattinge met betrekking tot sake soos die belangrikheid van die liggaamlike, die ideaal van ewewigtige ontwikkeling, die vormende waarde van die milieu, die belangrikheid van die ontwikkeling van die rede en die skoonheidsin, die probleem van die verhouding enkeling-gemeenskap, en dies meer nie. Hellas het egter geen besielende uiteindelike doelstelling om te bied nie.

Met sy essensiële jenseitsgerigtheid is dit veral die Christendom wat hier nie alleen die hoogste ideale en moontlikhede aan die opvoeding stel nie, maar wat tewens die oplossing bied van probleme soos lyding en onvergelde onreg wat anders in die opvoeding onoorkomelike vraagstukke word. Eers wanneer die mens ook in die volledigheid van sy ewigheidsprojeksie gesien word, neem hy sy volle gestalte aan en val al sy komponente en die afsonderlike gebeure van sy ontwikkeling in perspektief; eers as beeld van God word hy begrypbaar en kry sy bestaan die diepste sin, nie net vir die rede nie, maar veral vir die fyner sintuig van die geloof.

(2) Die betekenis van die Christelike antropologie vir die moderne opvoedkundige denke.

(a) Konserverende betekenis.

Aangesien die Christendom ooreenkomstig die voorgaande beskouing van die grondliggende Westerse antropologieë die sterkste fondament vir die opvoeding bied, sal hier kortliks aangetoon moet word watter implikasies dit vir die vernuwing van die moderne opvoedkundige denke inhou. Hier sal met ander woorde kortliks aangedui moet word watter konserverende werking van die Christendom uitgaan, en dié oorsig sal weer ingeklee word ooreenkomstig die raamwerk van eksistensiële ontmoetingsituasies wat in hierdie studie gebruik is om die stof te struktureer. Terselfdertyd sal ook in enkele trekke na verwagte ontwikkelinge verwys word aangesien die opvoeding altyd op die toekoms gerig is.

(i) Die liggaam en materie. Die moderne antropologie is geneig om die mens sonder meer met sy liggaam te laat saamval, waardeur die bo-tydelikheid van die siel ontken en die gees vermaterialiseer word. Die natuurwetenskaplike denke bring in plaas van die Christelike dualisme van die in-sonde-gevalle en die verloste mens 'n nuwe dualisme, naamlik die splyting van die mens in rede en liggaam. Daardeur word die liggaam 'n beskou- en bestudeerbare en in wese bloot materiële komponent wat op grond van sy intrinsieke waardeloosheid tot walging vir die liggaamlike voer. Die mens verabsoluteer sy rede ten koste van sy liggaam. Daardeur word die totaliteit van die mens vermink, wat opvoedkundig nie anders as in die hoogste mate skadelik kan wees nie.

Hierteenoor stel die Christendom die eis dat die mens deur geloof in Christus ook sy liggaam as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer moet stel. Die liggaam is naamlik 'n tempel van God en moet in sy diens gebruik word. Daardeur word sowel die Grieks-ontleende liggaam-siel gespletenheid van die Middeleeue as die moderne liggaam-rede skeiding geheel en kan die opvoeding die kind in sy totaliteit sien en help vorm sonder dat één komponent van sy persoonlikheid teenoor 'n ander gestel word. Van die Christendom gaan met ander woorde 'n heling uit wat die verskeurdheid van die Griekse en die moderne mens oorwin en ware, eenheidwerkende opvoeding moontlik maak. Dit laat nietemin nie die spanning wat uit die mens se gespletenheid voortvloei en wat die moontlikheid sowel as die energie vir sy ontwikkeling en kreatiwiteit verskaf, verdwyn nie. Die Christelike dualisme is egter die gespletenheid tussen sondige en verloste mens. Dit is nie die magtelose, verskeurende innerlike splyting van die neurotikus nie, maar die verkleinende afstand wat nog strek tussen die lewensreisiger en sy bestemming by God; dit behels enersyds die smartlike wete van eie onvolkomenheid, andersyds die geloofsekerheid dat hy dit aan die hand van God reeds nou geleidelikaan oorbrug. Hierdie gespletenheid behels die verskil tussen feitelikheid en ideaal, tussen sondige hede en die komende Godsryk wat reeds nou werksaam is. Dit bevat geen van die verlammende elemente van die Griekse of die moderne dualisme nie, maar behels in sy wese reeds die hoogste ideaalbeeld: die herstelde beeld van God in die mens. Opvoedkundig bied die Christelike leer wat hierdie aspek betref dus die besielendste moontlikhede vir die mens om te word wat hy oorspronklik bedoel was om te wees.

(ii) Die medemens.

- Die gemeenskap. Die moderne denke is geneig om die gemeenskap al hoe sterker op nutsoorwegings te grond, waardeur die medemens al hoe

meer tot 'n werktuig degradeer word met wie prinsipieel geen persoonlike ontmoeting moontlik is nie. Hierteenoor stel die Christendom die <u>liefde</u> as gemeenskapsband. Deur God as die Vader van alle mense te beskou, word alle gelowiges oor die hele wêreld één religieuse gesin, sonder om egter hulle uniekheid van persoon of volksverband daardeur prys te gee. Die terminologie van hierdie siening van die gemeenskap is reeds 'n aanduiding van sy opvoedkundige betekenis. Liefde is op die eenmalige gerig en beskerm dus die individu teen onderdompeling in die kollektiviteit: liefde is onafskeibaar van erkenning van die medemens se persoonlike waardigheid. Omdat liefde by uitstek kreatief is (in teenstelling met die rede wat veral deskriptief is) stel dit die mens in staat om in die veranderende gemeenskapspatroon die nodige benaderingswyses, tegnieke, struktuererende organisasievorme en dies meer te ontwerp wat aan die veranderende eise van die tyd sal beantwoord. Liefde is onafskeidelik van die geloofsband met die lewende God en stel die mens tot die hoogste dinamiek in staat. Verder is liefde 'n sintuig wat die verborge moontlikhede in die medemens merk en dus die onontbeerlike insig voorsien wat vir 'n kreatiewe gemeenskapsontwikkeling nodig is.

Vir die heterogene Suid-Afrikaanse gemeenskap waar 'n nuwe patroon van saambestaan geskep moet word om reg te laat geskied aan die uniekheid van al sy lede, is dit in die hoogste mate noodsaaklik dat daar suiwer insig en waardering sal wees vir die bydrae wat enkelinge en bevolkingsgroepe tot die nuwe gemeenskap kan maak. Die feit dat die blanke belas is met die taak om die ander bevolkingsgroepe na 'n hoër peil van selfstandigheid en dus volwassenheid te lei, bring mee dat hieraan weer 'n opvoedkundige verhouding ten grondslag lê. Deur die aanvaarding van sy verantwoordelikheid vir die ander bevolkingsgroepe word ook die blanke toenemend volwasse, net soos die enkeling-opvoeder deur sy bemoeienis met die kind self ook in volwassenheid toeneem. Ook wat hierdie lewensbelangrike "opvoedingstaak" betref, hou die Christelike beginsel van liefde vir God, die medemens en die goeie in jouself nie alleen hoop nie maar die skoonste moontlikhede in: die liefde is 'n kreatiewe lewensbeginsel wat aan die begin van groei en lewensontplooiing staan en wat insig gee in die unieke moontlikhede van elke mens en groep.

- <u>Die huwelik en die vrou</u>. Op hierdie gebied het in die afgelope halfeeu ingrypende veranderinge ingetree en kan in die toekoms nog verderstrekkende wysiginge verwag word. Die patriargale gesin het verdwyn en die vrou het in die openbare lewe meer invloed gekry. Nietemin het sy weens die verval van haar besondere terrein, die gesin, ook veel verloor wat

haar lewe vroeër sinvol gemaak het. Veranderende opvattinge betreffende geboortereëling en die toenemende georganiseerde sorg vir selfs die baie jong kind, aangevul deur ekonomiese faktore soos die stygende lewenspeil en toenemende lewensduurte, bring mee dat sy in steeds toenemende mate saam met die man die arbeidsveld betree. Dit het 'n toenemende verlies aan haar uniekheid as vrou tot gevolg, wat ook die huwelik aantas. Die ingrypende wysiging wat die seksuele patroon deurgemaak het, het die vrou diep getref. Waar in die primitiewe kultuur 'n hoë geboortesyfer nodig was om te voldoen aan die aanvraag vir werk- en strydkragte, uitbreiding van die stam en slytasie weens die hoë sterftesyfer [1]), het die moderne bevolkingsoorskot tot 'n devaluering van prokreasie aanleiding gegee. Daardeur word haar seksualiteit tans in 'n sekere mate as ongewens gevoel siende dat dit gerig is op voortplanting wat nie meer nodig is nie. In die toenemend gekompliseerde wêreld met 'n dalende kindersterftesyfer en 'n stygende lewensverwagting sal seksualiteit al hoe meer van prokreasie geskei wees en sal die opvoeding die taak hê om die jongmens, en veral die meisie, te help om 'n weg te vind om hierdie dryfkrag in geestelike kreatiwiteit om te sit en dit so te gebruik dat dit nie tot absurditeit verval en tot frustrasie lei nie maar 'n weg sal wees wat na God voer. Dieselfde geld ook vir die jongmens wat in toenemende mate ontredder word deur die altyd groter wordende verskil in die leeftyd waarop hy seksueel volwasse word en dié waarop hy ekonomies selfstandig genoeg word om 'n eie gesin te begin.

- <u>Die kind en sy opvoeding</u>. Die toenemende gekompliseerdheid van die samelewing vereis 'n al hoe langer opleidingsperiode waarin die kind vir opname daarin gereed gemaak moet word. Hierdie uitgestelde volwassewording strek reeds ver by die jeugdige se biologiese volwassewording verby en het 'n versplinterende uitwerking op sy persoonlikheidswording. Dit geld nie alleen die integrasie van die ontwakende seksualiteit in die persoonlikheid nie, maar veral ook die uitgestelde aanvaarding van verantwoordelikheid waardeur die volwassewording op onnatuurlike en gevaarlike wyse gerem word. Dit kan verwag word dat hierdie probleem in die toekoms nog veel hewiger sal word.

Voorts word daar tans in toenemende getalle kinders op skool gehou wat vroeër as onopvoedbaar beskou sou gewees het. Ook hier sal nog verdere verfyning van didaktiese en organisatoriese middele nodig wees sodat groter differensiëring bewerk sal kan word om voorsiening te maak vir die

---

1) Vandaar die vrugbaarheidskultus in primitiewe kulture.

1) Joh. 21:15-17.

skoolbevolking se toenemende heterogeniteit en die kind se reg op ontplooiing van sy uniekheid in diens van 'n verhewe doel. Nie alleen vir die afwykende <u>kind</u> sal beter voorsiening gemaak moet word nie, maar daar sal ook gesorg moet word vir 'n menswaardige plek waarin hy as <u>volwassene</u> in die samelewing opgeneem kan word. Daar sal middele bedink moet word om hom te help om nie te vegeteer nie maar binne die grense van sy moontlikhede aan te hou ontwikkel. In wese is dit dus nie alleen 'n sosiologiese nie maar ook 'n opvoedkundige probleem.

As die mens se volwassewording, soos uit hierdie studie geblyk het, prinsipieel voortduur solank hy lewe, word ook die sorg vir bejaardes, in breër verband gesien, 'n probleem waaraan die opvoeding 'n aandeel sal moet neem.

Ook wat die opvoeding van die kind betref, hou die Christendom met sy gesindheid van liefde die grootste moontlikhede tot vernuwing in. Liefde is op die unieke en die erkenning van die potensialiteit van die ander gerig en is trouens 'n noodsaaklike voorvereiste vir kennis van die kind en erkenning van sy waardigheid. Die Christendom verbind opvoeding dan ook pertinent met liefde. [1]) Liefde is nie alleen die noodsaaklike grond om ruimte en die stimulus vir die kind se groei te voorsien nie, maar is terselfdertyd die einddoel van die opvoeding: die kind moet opgevoed word tot die mate van die volle grootte van Christus, die inkarnasie van liefde. Liefde, wat ook die basis van die koninkryk van Christus is, ontwikkel egter nie vanself in die kind nie, maar moet deur die opvoeding en veral deur die voorbeeld van die opvoeder gekweek word. Namate die samelewing ingewikkelder word, sal menslike verhoudinge nie op georganiseerde en voorskriftelike wyse afgedwing kan word nie, maar in toenemende mate op die soepelheid wat slegs deur liefdebetoon bereikbaar is, moet berus. Hierin lê 'n belangrike taak van die opvoeding. Die vraag doem op vir hoeveel gebrek aan liefde en die onvermoë om onselfsugtige bindinge aan te gaan die moderne intellektualistiese opvoeding verantwoordelik is. Die intellek is immers op skeiding en distansiëring gerig en kan uit homself nie tot ware binding voer nie.

- <u>Die held</u>. Met toenemende nivellering verdwyn die uitstaande figuur uit die samelewing. Daarmee saam gaan een van die magtigste opvoedingsfaktore verlore. Hierteenoor stel die Christendom die navolging van Christus en bied dit die besielende voorbeelde van geloofshelde uit die geskiedenis en die godsdiens.

---

1) Joh. 21:15-17.

(iii) Die geskiedenis. Die moderne mens het sy begrip van die geskiedenis grootliks verloor en sien die wêreldgebeure as die onstuitbare verloop van blinde natuurwette. Hierdeur word die mens sy vryheid en verantwoordelikheid ontneem; hy word 'n magtelose pion en sy lewe word absurd. Opvoedkundig bevat so 'n beskouing 'n verlammende gif wat teëgewerk kan word slegs deur die kind doelbewus die Christelike siening van die geskiedenis te leer.

Waar die Christendom dikwels as 'n mislukking afgeskryf word omdat dit nie 'n vreedsamer samelewing tot stand gebring het nie, berus hierdie oordeel op 'n totaal verkeerde vertolking van die Christendom wat nie sosiaalhervormend of op materiële vooruitgang afgestem is nie. 1) Die gedagte dat die Christendom 'n aardse gelukstaat teweeg moet bring is in wese nie-Christelik en toon reste van die Griekse utopisme en moontlik Joodse aardse Messiasverwagtinge. Die Christelike siening wat in die toekoms steeds groter rampe te wagte is eerdat die Koninkryk met Christus se wederkoms in volle heerlikheid aanbreek, word in die huidige tyd op al hoe aangrypender wyse vervul, maar is so onbekend dat mense daarin die mislukking in plaas van die vervulling van die Christelike verwagtinge sien. In 'n tyd wat die ideaal van die nastrewing van menslike geluk as die hoogste motief bely, het die opvoeding hier 'n ernstige versuim om reg te stel.

Om die jongmens nie ontredderd te laat deur die verwagting van lyding nie, sal die sinvolle daarin en die feit van God se bystand aan hom tuisgebring moet word en hy sal tot die insig gelei moet word dat ware geluk, die vrede wat alle verstand te bowe gaan, nie van uiterlike omstandighede afhanklik is nie, maar van die mens se betrokkenheid op God. Die opvoeding sal die mens verder moet oplei in maniere waarop hy sy eie lyding en dié van ander kan verlig en by hom die gesindheid van medelye aankweek wat op liefde berus. Dit stel ongetwyfeld hoë eise aan die opvoeding, maar die Bybelse, die algemene wêreldlike en spesifiek die geskiedenis van die Afrikanervolk bied grootse voorbeelde van sowel die sinvolle van die mens se lyding as van God se bystand daarin. Die Christelike interpretasie van die geskiedenis kan 'n onberekenbare bydrae lewer om die moderne neurotiserende angs vir lyding om te skakel in vrees wat opvoedkundig hoë waarde kan hê. Hierin kan die geskiedenis vrugbaar aangewend word. Die

---

1) Die Christendom se verbondsluiting met Mammon (stoflike welvaart) dateer miskien uit die kolonialisasietydperk wat met die Renaissance ingetree het, toe die koms van die Christendom na 'n nuutontdekte gebied gepaard gegaan het met die vestiging van 'n meer geordende samelewing en die ontginning van materiële hulpbronne.

wete dat die geskiedenis in God se hand is en dat die afloop by Hom seker is, is ål wat die mens van die moderne gejaagdheid en vrees vir die tyd kan bevry. Dit bring in sy lewe 'n ondeurgrondelike vrede want hy weet dat die Almagtige hom liefhet en bewaar en dat niks hom van God se liefde kan skei nie.

(iv) Arbeid. Die huidige gemeganiseerde leefwyse bring 'n jammerlike skeiding tussen die mens se persoonlike en sy arbeidslewe, sodat hy in baie gevalle selfs beskerm moet word teen die arbeid wat, ideëel gesproke, 'n baie waardevolle bydrae tot sy persoonlikheidswording moes gelewer het. Die moderne mens se arbeid is op nuttigheidsoorwegings gegrond en op die materiële gerig, en dit kan verwag word dat hierdie neiging in die toekoms deur toenemende outomatisasie versterk sal word.

Die opvoeding sal meer en meer die taak hê om die mens te help om ook in sy fragmentariese arbeid sin te sien, om te besef dat arbeid sigbaar-geworde liefde is, dat God die bron daarvan is en dat dit as 'n weg tot God en die medemens moet dien. Na verwagting sal arbeid in die toekoms al hoe minder werksure in beslag neem, en die opvoeding sal dus die taak hê om die werker op te voed tot menswaardige benutting van sy vryetyd. Hier sal ook die maatskaplike gevolge van die moderne arbeidsontwikkeling voor oë gehou moet word. Mede as gevolg van tegnologiese ontwikkelinge het staatkundige probleme vandag so ingewikkeld geword dat die gewone burger al hoe minder begrip het van waaroor dit gaan. Daar is 'n toenemende klasseskeiding tussen die massa met sy korter werksure en vervlakkende vermaak en die leierskorps wat 'n steeds hoër peil moet handhaaf. 1)

Toenemende outomatisasie skakel die werksgeleenthede van die ongeskoolde en onnadenkende werker hoe langer hoe meer uit. Waar vervelende roetinewerk in die verlede in baie gevalle die ontwikkeling van denke en inisiatief ongewens gemaak het, sal hierdie funksie van die menslike gees in die toekoms besondere aandag moet kry. Ook wat dit betref, staan die opvoeding voor 'n dringende taak. Ook hier sal die gesindheid van liefde en begrip aangekweek moet word - liefde vir God, medemens, kultuur en natuur, want deur die liefde word moontlikhede en sin ontdek wat vir die koue verstand alleen nie toeganklik is nie.

---

1) Rousseau, P.E.: Die probleem van versnellende verandering in die wêreld, in Koers, Mei-Junie 1966, jaargang XXXIII, nr. 6, p. 439. Die hoër eise wat aan die leierskorps gestel word, vind in die huidige tyd onder meer sy neerslag in die aandrang op verlengde en meer intensiewe onderwysersopleiding.

(v) Lyding. Terwyl lyding en geweld in die moderne samelewing toeneem, word die mens nie op 'n sinvolle verwerking daarvan voorberei nie, met die gevolg dat dit hom verbysterd en ontredderd laat wanneer dit hom tref. Ook hier voorsien die Christelike leer ruimskoots in die behoefte aan sinduiding met sy verheffende opvatting van lyding as 'n saamgaan met Christus en 'n deelhê aan die Godsplan. Die wete dat God hom in sy lyding steun verleen, gee aan die lydende mens bonatuurlike krag om dit te verduur en sinvol te verwerk. Die moderne versuim om die mens op lyding voor te berei, is hoofsaaklik daaraan toe te skryf dat wesenlike aspekte van die Christelike leer tans uit die gesigsveld verdwyn het.

(vi) Die sinvolle. Dit word tans besef dat die mens nie kan aanhou lewe as sy lewe nie sinvol is nie en dat hy byna enigiets kan verduur solank hy sin daarin sien. [1]) Dit is egter juis wat die aanduiding van 'n singewende doel vir die lewe is dat die moderne mensbeskouing en daarmee saam die moderne opvoedkundige denke die opvoedeling die ernstigste in die steek gelaat het.

Die sin van die lewe lê primêr in die religie, in die mens se betrokkenheid op God, maar namate die antroposentrisme wat met die Renaissance 'n aanvang geneem het, God uit die mens se geestelike gesigsveld weggedruk het, het die gesag van die enigste absolute sin wat die lewe kan hê, verdwyn. Net soos in die tyd van Hellas, toe die gode ook "dood" is, moes die filosofie in moderne tye die taak oorneem om die sin van die bestaan aan te dui. Met die geesdrif van die rasionalistiese vooruitgangsgeloof is daartoe oorgegaan: met behulp van filosofie en natuurwetenskap sou die mens self die lugleegte van die verdwene God vul.

Van hierdie antropologisering van die filosofie is die eksistensialisme die jongste en bitterste loot. Die verantropologiseerde filosofie beleef egter tans sy bankrotskap: die feit bly dat die diepste sin van die lewe 'n misterie is van God deur Wie alle lewe bestaan, en dat dit langs die weg van die logika met sy begrensende eis van verifieerbaarheid nie gevind kan word nie. Die rede is 'n Godgegewe instrument vir die mens om homself te handhaaf, oor die natuur te heers en sy sedelike peil te verhoog deur daarmee tussen reg en verkeerd te onderskei. As die rede, wat 'n deel van die skepping is, egter verabsoluteer word en tot regter oor Skepper sowel as skepping verhef word, moet dit op 'n ramp uitloop. Die sin van die lewe - en van die opvoeding - kan in sy diepte met die rede alleen nie deurgrond word nie. Sedert die mens homself vrywillig

1) Frankl: Man's search for meaning, p. 76.

verarm het deur die kognitiewe tot die rede te beperk, weet hy nie meer van die volheid en veral van die sin van sy bestaan nie. Logiese denke alleen is 'n betreklik steriele vorm van denke, ingestel op begryp en nie op totstandbrenging nie. Die mens het deur konsentrasie op die logiese ter uitsluiting van ander vorme van kennisname sy vermoë tot kreatiewe denke grootliks prysgegee, dié denke waardeur hy nie self bedink nie, maar op onnaspeurlike wyse ontvang. In die proses van kreatiewe of intuïtiewe denke word dinge aan hom gegee sonder dat hy dit self moet verower; hy het dikwels die ervaring dat dit nie hy is wat dink nie, maar dat Iemand deur hom dink en dat sy dade 'n sinvolheid vertoon waarvan hy eers agterna bewus word. [1]) Hegel sien hierin die werking van die goddelike rede wat die geskiedenis bepaal [2]), hy sien dit as die "lis van die rede" wat werksaam is in en agter sy werktuie, die menslike hartstogte; dit is die anonieme impuls wat die mens sonder sy medewete en met byna dierlike blindheid 'n bepaalde doel laat nastrewe. [3]) Plato het as digter die ervaring dat daar feitlik vir hom gedikteer word [4]) en merk op dat die werk van digters dikwels wysheid bevat waarvan hulle self nie bewus is nie. [5]) Met sy Griekse redeverheerliking wat niks buite die bereik van die eie bewussyn wil aanvaar nie, sweer Plato dan die digterskap af, nie beseffend dat hy homself verarm deur hom op die nugtere rede terug te trek en die intuïtiewe kontak met God te probeer verbreek nie. In meer moderne tye beskou Goethe die filosoof as slegs 'n karikatuur van die digter [6]) en Dilthey besef dat die digter 'n soort siener is van wie die psigoloog veel kan leer. [7]) Ook die huidige fenomenologiese sielkunde wend hom graag tot die letterkunde: die kreatiewe kunstenaar is in 'n besondere vorm van kontak met die sinvolle. [8]) Hierdie kontak vind nie slegs deur bemiddeling van die logiese denke plaas waarin dit die mens is wat oordeel nie; dit is 'n intuïtiewe denke waarby die mens weet dat hy slegs ontvang, dit is 'n van God uitgaande denke.

Volgens Christelike siening is daar geen verdienstelike menslike dade nie: dit is God wat deur die gelowige werk. Gedagtig aan die noue

---

1) Vgl. Aron: De zin der geschiedenis, p. 71.
2) Del Corral: De ontvoering van Europa, p. 12.
3) Löwith: Wereldgeschiedenis, p. 55.
4) Méautis: Mythologie der Grieken, p. 138.
5) Oldewelt: Plato, p. 50-51.
6) Krüger: Fundamentele problemen, p. 342-343.
7) Ibid., p. 107.
8) In al die aangehaalde gevalle geld die intuïtiewe ontvang van waarhede literêre skeppinge. Dit sou vermoedelik van elke vorm van skeppende kuns waar wees; dat veral die letterkundige daaroor sal skryf, kan uiteraard verwag word.

band tussen denke en daad lyk dit geregverdig om te stel dat die mens uit homself ook nie tot verdienstelike gedagtes in staat is nie, maar dat dit God is wat deur die gelowige dink. Net soos geen menslike daad suiwer en volkome is nie omdat dit deur die gevalle mens bemiddel word, is ook geen menslike gedagte volkome nie, ongeag die suiwerheid van die bron waaruit dit voortvloei.

Hierdie intuïtiewe, luisterende denke wat op die geloof berus, is deur die moderne opvoeding met sy gerigtheid op aggressiewe, verowerende denke nie alleen verwaarloos nie: dit is in sekere opsigte aktief vernietig deur - veral in die middelbare skool - slegs op die bewysbare toe te spits. Hierin lê ongetwyfeld 'n belangrike taak van die opvoeding: dit moet die kind gevoelig stem vir kontak met God, die bron van kennis vir hierdie luisterende denke. Dit sluit aan by die Christelike siening van die mens as luisterende wese, wagtend op die stem van God.

Waar die filosofie tans in die eksistensialisme 'n toestand van vertwyfeling bereik het en waar die mens, verraai deur die tegniek en in die steek gelaat deur die filosofie, die onvermoë van sy rede begin besef, word aan die Christendom opnuut geleentheid gebied om die religie en veral die Christelike liefde as die sin van die lewe te verkondig. Juis die verval van sy sekerhede en die besef dat sy magtige beskawing kwesbaar is, is besig om die moderne mens vir dié boodskap gevoelig te stem. Die Christelike boodskap kan nie net met woorde oorgedra word nie: dit moet gelééf word, en hierin lê 'n besondere taak en moontlikheid vir die opvoeding.

Volgens Joods-Christelike beskouing is die opvoeding 'n besondere middel in God se hand ter verwesenliking van sy plan met die skepping. As die opvatting van die "klein res" in gedagte gehou word, beteken die huidige verval geensins 'n mislukking van die Christendom nie, maar veeleer 'n suiwering en verfyning. Tipologies beskou kan in die huidige nood en afvalligheid weer 'n klein, gelouterde res van gelowiges bewaar bly as draers van die saad van die evangelie en van kennis van God en kan die dreigende verwoesting self deel van God se plan wees om hulle gevoeligheid daarvoor te verskerp. Die opvoeding het die taak om die mens bewus te maak daarvan dat hy geroep kan word om deur die dreigende wêreldbrand - of in 'n verontmenslikende gewapende vrede wat ter wille van blote fisiese voortbestaan bewaar mag word - in hierdie hoedanigheid aan God se plan mee te werk. Wie God vir hierdie doel sal gebruik, is vir die mens onbepaalbaar: Hy het in die geskiedenis reeds telkemale ook van

die onwaarskynlike en die onsuksesvolle gebruik gemaak. Daarom moet die besef van elke mens se moontlike geroepenheid aan alle mense en aan alle volkere gebring word.

In sy diepte is dit 'n opvoedkundige taak om die mens van sy ware wese en sy moontlikhede bewus te maak. Selfs al sou die grense van die opvoeding ter wille van oorwegings van sogenaamde wetenskaplikheid tot die kinder- en jeugjare teruggedruk word, is hierdie bewusmaking van die religieuse nog nie 'n taak van die kerk alleen nie: dit is 'n taak wat met die kind se geboorte 'n aanvang neem en waaraan elke persoon en elke instelling wat met die opvoeding gemoeid is, geroep is om mee te werk.

(b) Kreatiewe betekenis.

Die religie het tweërlei funksie, wat ook deur die opvoeding bemiddel moet word. Dit moet enersyds aan die mens beproefde maatstawwe leer waardeur sy lewe en optrede gereël kan word. Wat hierdie funksie van die opvoeding betref, bied die Christelike leer, soos uit die voorafgaande beskouinge oor die mens in sekere eksistensiële ontmoetingsituasies geblyk het, die mees hoogstaande norme. Naas hierdie voorskrywende en konserverende funksie wat, as dit nie binne perke gehou word nie, in kasuïstiek ontaard, het die religie ook 'n tweede en hoër funksie: dit moet die mens lei tot 'n hoër religieuse belewenis, tot 'n meer direkte en persoonlike kontak met God. Hierdie persoonlike belewenis word wel voorberei deur die mens se lewe volgens religieuse norme te laat verloop, maar dit kan nie geleer word nie: die mens kan slegs gevoelig gestem word om ontvanklik te wees en te luister wanneer God se stem hom aanspreek.1) Opvoedkundig gesien, behels die eersgenoemde funksie veral die hulp wat die opvoeder bied, die tweede funksie verteenwoordig die opvoedeling se persoonlike aanvaarding en verwerking daarvan waardeur hy tot hoër religieuse volwassenheid kom.

In die voorafgaande afdeling is die lig veral laat val op die betekenis wat oorgelewerde Christelike waardes vir die mens in sy belangrikste ontmoetingsituasies kan hê vir sover dit hom steun kan bied ter bereiking van 'n hoër peil van volwassenheid. Hoewel daarby reeds kortliks na moontlike toekomstige ontwikkelinge in die milieu verwys is, het die klem nietemin op die betekenis van die Christelike mensbeskouing vir die opvoeding van die hede geval. Die huidige tyd belewe egter 'n aanstorming van die toekoms waardeur die hede steeds meer vervlugtig. Dit is paradoksaal dat die moderne mens, wat die vertroue op die goeie uit die verlede en die

1) Vgl. I Sam. 3:9-10.

hoop op die toekoms prysgegee het, tans ook die hede verloor. Sy lewe verloor die kontinuïteit van blye dae wat vloei soos strome, kalm en rein: die toekoms word 'n snelle opeenvolging van verhewigde hedes wat soos 'n waterval op hom neerstort en hom oorweldig. Voordat hy die sin van die gebeure van die hede kon oordink het, eis môre en oormôre reeds van hom beslissings. Ongeëwenaarde versnelling het die uitstaande kenmerk van die moderne leefwyse geword. In die dinamiese maatskappy wat deur die ongekende sameballing van kennis steeds sneller ontwikkel [1]), staan die opvoeder voor die noodsaaklikheid om vir 'n onvoorsienbare toekoms op te voed. Hy kan nie volstaan met die kind te bewapen teen huidige misstande in die opvoedingsmilieu deur tydgetoetste waardes aan hom oor te dra nie, maar moet met die oog op die onvoorsienbaarheid van die toekoms in toenemende mate ook klem op die <u>kreatiewe</u> sy van die opvoeding laat val.

Dit vereis dat die opvoeder nie alleen van waardes sal weet nie, maar dat hy op grond van sy kennis van die verlede en die hede toekomstige neigings sover moontlik sal kan voorspel en dat hy beproefde waardes en toekomsbeelde as rigtinggewers vir die onbekende toekoms moet inskakel. Die feit dat hy die kind moet voorberei vir 'n toekoms wat waarskynlik ingrypend van die hede sal verskil, leer die opvoeder deemoed en vereis 'n belangrike klemverskuiwing in die opvoeding. Van sy drieledige taak: die bybring van parate feitekennis, die kweek van die gewoonte van selfstandige denke en die kweek van gesindheid, het die skool, en veral die middelbare skool, in sy beheptheid met meetbare prestasie in die jongste tyd die klem veral op feitekennis laat val. In die moderne tyd van snelle verandering raak feitekennis egter baie gou verouderd. Die klem sal in die opvoeding dus al hoe meer op die kweek van selfstandige denke en die regte gesindhede val om die kind die doeltreffendste toe te rus vir die toekoms. Dit is 'n ontwikkeling wat tewens groot voordeel vir die kind se volwassewording inhou: die opvoeding word noodwendig minder outoritêr en meer bewus daarvan dat dit slegs <u>hulp</u> is. In toenemende mate moet die kind se verwerking van dié hulp aan sy eie inisiatief oorgelaat word, bloot omdat die opvoeder minder in staat is om dié verwerking in 'n onbekende toekoms te voorsien. Die klem val dus swaarder op die kind en sy verantwoordelikheid, wat van hom 'n hoër graad van volwassenheid vereis.

Die opvoedkunde is daarvan bewus dat die mens oneindig baie self moet

---

1) Volgens Rousseau, P.E.: Die probleem van versnellende verandering in die wêreld <u>in</u> Koers, Mei-Junie 1966, Jaargang XXXIII, nr. 6, p. 436, het die kennis tussen die jare 1750 en 1900 verdubbel, tot 1920 weer verdubbel en tans vind daar elke 10 jaar 'n verdubbeling plaas.

leer wat nie aan hom geleer kan word nie en dat slegs wat hy self ontdek vir sy geestelike groei werklik waarde het. In die moderne dinamiese samelewing kry hierdie aspek groter praktiese betekenis. Die leerproses as weg tot volwassewording duur die hele lewe lank. Prinsipieel hou opvoeding dus nooit op nie, soos die beskouinge van Israel en die Christendom dan ook impliseer. Die mens is in potensie altyd onderweg na groter volwassenheid.

Streng gesproke is die huidige begrensing van die veld waarin die opvoedingsverskynsel intree 1) dus nie houdbaar nie. Om nie in die oewerlose te verdwaal nie, is dit nietemin noodsaaklik dat daar grense aan die studieveld gestel moet word. Dit moet egter steeds voor oë gehou word dat hierdie grense slegs hipoteties is en nie werklik nie. In hulle diepte versmelt al die verskillende dissiplines van die opvoedkunde, en in sy kern is opvoeding en die lewe self onskeibaar verweef op grond van die mens se voortdurende onderweg-wees na sy optimale volwassenheid. 2) Die neiging tot die trek van grenslyne berus op die moderne sciëntistiese voorliefde vir oorsigtelikheid, meetbaarheid, definieerbaarheid en hanteerbaarheid en kan teruggevoer word tot die Griekse visuele ingesteldheid. "Die Grenze ist nicht in der Natur oder in der sinnlichen Welt gegeben. Sie ist ein reines Produkt unseres (europäischen) Geistes, eine Hilfslinie, die wir nötig haben, um von unseren Voraussetzungen aus die Welt praktisch und theoretisch zu beherrschen." 3) Abstrakte grense word neergelê ten einde abstrakte voorstellings moontlik te maak. Die voordele van hierdie besondere denkwyse is so duidelik dat die moderne mens naïef aanneem dat dit die enigste moontlike is. Die belangrikste nadeel daarvan is egter dat die mens vergeet dat dit slegs denkbeeldige hulplyne is en dat hy dit as werklike grense beskou met die gevolg dat sy denke daarbinne gevange bly in plaas van dit ten slotte weer uit te vee. 4)

Die neiging tot afgrensing ter wille van die ideaal van "eksaktheid" en "suiwer-wetenskaplikheid" is in alle waarskynlikheid van die moderne natuurwetenskap oorgeneem wat hom in 'n tyd van die mens se aardgebondenheid en dus begrensdheid die titel van die enigste ware wetenskap aanmatig. Waar hierdie neiging tot isolering op die gebied van die onisoleer-

---

1) Vgl. hierdie studie, p. 55-60.
2) Hierdie waarheid is deur Keyter raakgesien maar hy stel opvoeding verkeerdelik as <u>oorsprong</u> van lewe en merk nie op dat opvoeding op die mens se beelddraerskap van God berus en derhalwe nie by die dier voorkom nie. Vgl. hierdie studie, p. 60.
3) Boman: Das hebräische Denken im Vergleich mit dem griechischen, p. 138.
4) Loc. cit.

bare oorgeplant word, hou dit die gevaar in dat die aandag uitsluitlik op één aspek van die werklikheid gekonsentreer word terwyl die ondersoeker die wyer ekspansie van die werklikheid uit die oog verloor waardeur die afgegrensde gebied alleen sinvol word. 1)

Die gevaar van verskraling deur oordrewe afgrensing is in die geval van die opvoedkunde seker nie denkbeeldig nie. Die essensieel visueel-ingestelde, Griekse vorm van denke is op die deskriptiewe ingestel, terwyl opvoedkunde ook – en veral – 'n "verstehende" wetenskap is. Die mens en die tipies-menslike verskynsel van die opvoeding kan egter slegs teen die volheid van sy eksistensie verstaan word: die opvoeding is prinsipieel so omvattend soos die lewe self. Daarom is dit ook gevaarlik om opvoedkundige ondersoek te beperk tot die hantering van slegs sekere metodes wat die suiwer-wetenskaplikheid van die bevindinge sou waarborg. Die gevaar bestaan dat die opvoeding daardeur 'n doel ontsê kan word wat buite homself lê en dat daar dus skerp grense getrek word tussen opvoeding, religie en filosofie, waardeur elkeen deur isolasie verarm en van krag en vergesigte beroof word.

Hoewel die opvoedingsverskynsel vir die doel van wetenskaplike studie begrens moet word, is dit so 'n eiesoortige en kenmerkende uiting van die menslike in die mens as wordende wese dat dit eenvoudig moét voortduur solank die mens mens is. <u>Die mens kan nie nie-opgevoed word en nog mens bly nie</u>. <u>Hy is as beeld van God op God betrokke en hierdie betrokkenheid dra die kenmerke van 'n opvoedingsverhouding</u>.

Al hoe skerper – en die moderne veranderende samelewing dra daartoe by – val die lig in die opvoedingsituasie tans op die kind in plaas van op die opvoeder: die opvoedeling tree in antwoord op die moderne eis van inisiatief al hoe meer aktief op, die opvoeding word al hoe minder outoritêr. Dit word duideliker dat die opvoeding slegs <u>hulp</u> is en dat die opvoedeling self die grootste verantwoordelikheid vir sy volwassewording dra. Dit is dan ook een van die redes waarom die besef van die onhoudbaarheid van die kunsmatige grens tussen opvoeding en vorming al hoe duideliker word. Waar die opvoeder as die toonaangewende persoon gesien word, en te meer nog waar opvoeding dikwels verkeerdelik met formele onderwys vereenselwig word, kan daar in baie gevalle 'n duidelike tydstip aangewys word wanneer die hulpverlener hom aan die bewuste beïnvloeding van die opvoedeling onttrek, waardeur die opvoeding dan beëindig sou wees. Wanneer die hoofpersoon die opvoedeling is, verskyn sake egter in 'n ander lig. Net

1) Vgl. Krüger: Fundamentele problemen, p. 252.

soos die lewe is die mens se vorming en sy onderweg-wees na volwaardige volwassenheid 'n voortgaande proses. Wanneer die eerste opvoeder se rol uitgespeel is, word dié proses nie beëindig nie. Die hulp wat die nog-altyd-volwassewordende nodig het, kry hy voortaan slegs van ander persone en persoonsbemiddelende instellinge wat hy in toenemende mate self kies.

Vanuit Christelike oogpunt gesien, kan die hele lewe nie anders as één omvattende opvoedingsproses wees waarin Christus self die opvoeder is nie. Alle persone wat 'n volwassewordende ten goede beïnvloed, dit wil sê hom in liefde steun verleen, is slegs Sy helpers. Hoe onmisbaar ook al, is dit nie die aanwesigheid van gesag of die bewustheid van die ingryping wat vir die opvoeding bepalend is nie [1]), maar liefdebetoon. In elke situasie van geboorte tot dood waarin 'n mens in antwoord op God se liefde wat deur 'n medemens bemiddel word, leer om dieper lief te hê, vind die suiwerste vorm van opvoeding plaas. Om die opvoeding te beperk tot die invloed wat uitgaan van sekere persone wat aan die begin van die kind se lewe vir hulp tot sy volwassewording nodig is met uitsluiting van alle later hulp, mag ter wille van die wetenskaplikheid van die opvoedkunde nodig wees, maar dit dui minstens op 'n sekere onbeskeidenheid van die eerste opvoeders en op miskenning van die feit dat persoonlikheidswording 'n nooit voltooide proses is waarin nie die opvoeder nie maar die opvoedeling die grootste aandeel het.

Waar die opvoeding, gesien as 'n gesteunde volwassenheidsbestrewingsproses, dan prinsipieel lewenslank duur en nie slegs aan die opvoeders van die kinder- en jeugjare gebonde is nie, kry die ontdekkingskarakter van die opvoeding en die opvoedeling se eie aandeel daarin besondere betekenis: lernen (learning) dek dan 'n veel groter deel van sy totale vorming as lehren (teaching); die kreatiewe, selfontdekkende en selfvormende aspek van die opvoeding kry groter betekenis as wat tot dusver algemeen aangeneem is. Dit beteken nie dat die konserverende, wat in die bewuste oordrag van aanvaarde waardes bestaan, daardeur minder belangrik word nie: omdat die konserverende aspek van die opvoeding bewus en doelbewus geskied, gee dit rigting en struktuur aan die kreatiewe deel.

Nietemin word die opvoedeling se aandeel van al hoe meer belang; in 'n tyd waarin die milieu vinnig verander en waardes bygevolg verouderd raak of by nuwe omstandighede aangepas moet word, word die kreatiewe aspek van die opvoeding in verhouding belangriker.

Dit sal dus nodig wees om kortliks na te gaan watter implikasies die

1) Vgl. hierdie studie, p. 57, 71.

Christelike mensbeskouing hiervoor inhou.

Uit die voorgaande besprekings het dit reeds herhaaldelik aan die lig gekom dat die rede nie as die enigste wyse van weet beskou mag word nie aangesien dit tot die sintuiglik-waarneembare en bygevolg tot die materiële gepredisponeer is. Die logiese denke is in wese op die visuele gebaseer; vandaar die moderne neiging tot steeds ingewikkelder visuele hulpmiddele in die onderwys. Dat hierdie dikwels oordrewe beheptheid met aanskoulikheid tot geestelike verarming van die kind kan lei, is 'n werklike gevaar. Die oudiovisuele is ongetwyfeld 'n waardevolle en selfs onmisbare middel om die kind se konkrete en aanskoulike denklaag te vul, maar die belangrikste wat die mens moet leer om te vind is die abstrakte, verborge band tussen dinge, wat eerder aangevoel as begryp moet word. Leermiddele wat die denke oormatig aan die sintuie bind, bring maklik 'n verwaarlosing van hierdie gevoeligheid vir die verborgene mee.

Die wetenskap is as uiting van die rede in aksie slegs één wyse van weet, wel 'n eminente en onmisbare wyse, maar nogtans slegs één moontlikheid in 'n veel ruimer veld. 1) Die waarheid mag nie beperk word tot die bewysbare as die mens homself nie ernstige skade wil berokken nie. 2) Die intellek is 'n vermoë wat die werklikheid splyt om dit te beheers en het bygevolg slegs fragmentariese kennis van die werklikheid. 3) Om die werklikheid in sy geheel waar te neem is ander "sintuie" as die rede nodig: 'n hoër, indringender vorm van bewussyn as dié van die rede is daarvoor onontbeerlik.

Die sielkunde is bekend met die feit dat liefde tot verhoogde bewussyn lei. "No one can become fully aware of the very essence of another human being unless he loves him ... he sees that which is <u>potential</u> in him." 4) Net soos die opvoeding is die liefde op die ontdekking en verwerkliking van moontlikhede gerig. Die ontredderende gevolge van 'n gebrek aan liefde in die behandeling van die jong kind is dan ook begryplik 5): die opvoeding het blind gebly vir die kind se moontlikhede en dit dus nie help ontwikkel nie - en sonder hulp word die mens nie opgevoed nie, word sy moontlikhede nie werklikhede nie. Liefde is nie alleen nodig vir die opvoeder om die kind se moontlikhede te sien nie, maar ook by die kind om die nodige "oopheid" en vertroue te bring wat

---

1) Krüger: Fundamentele problemen, p. 48-49.
2) Ibid., p. 285.
3) Stéphan: Het Westen op de dwaalweg, p. 44.
4) Frankl: Man's search for meaning, p. 113.
5) Vgl. Kwant, R.C.: Wijsbegeerte van de ontmoeting, p. 49.

hom in staat sal stel om buite homself te tree en met ander kontak te maak.

Waar die opvoeding vanuit Christelike oogpunt van God uitgaan, is dit dus noodsaaklik dat in die opvoedeling - en elke mens is sy lewe lank 'n opvoedeling van God - die oopheid gekweek sal word wat hom in staat sal stel om met God in dialoog te tree. Hierdie persoonlike kontak met God word ook geloof genoem. Opvoeding is daarmee basies opvoeding tot gelowigheid, dit wil sê die aankweek van gevoeligheid vir God se aanspreking.

Toenemende kennis van die mens het aan die lig gebring dat hy oor talle voorheen onvermoede sintuie beskik, soos die ewewig-sintuig in die binne-oor, sintuie in die vel wat gevoelig is vir pyn en drukking, sintuie in die spiere en in die ingewande. Met al hierdie sintuie is die mens in nouer voeling met die materiële milieu as wat hy tevore besef het; en namate die rede verfyn word om die waarnemings van hierdie en ander nog onontdekte sintuie te vertolk, sal die mens 'n verhoogde bewussyn van sy stoflike omgewing en liggaamlike gesteldheid hê. Die feit dat die mens ook 'n geestelike wese is, is weens die rede se gerigtheid op die materiële egter op 'n ongelooflike wyse verwaarloos. Daardeur is die "sintuie" waarmee hy in kontak is met God, die oergrond van sy geestelike lewe, in groot mate geatrofeer. Miljoene mense "weet" vandag nie meer van God nie omdat die sintuig van die geloof by hulle nie ontwikkel is nie. Vandaar die bewering dat God "dood" is: in waarheid is dit die moderne mens wat blind is vir God.

Die belangrikste "sintuie" waardeur die mens met God en met die geestelike in die medemens in aanraking kan tree, word deur Paulus aangedui as geloof, hoop en liefde. [1])

Geloof. Hierdie sintuig is op die onsienlike gerig en maak die mens bewus van sy ingebedheid en geborgenheid in God se Al-mag, Al-sorg en Al-plan. Slegs op grond van hierdie vertroue word die geluk en lewensvreugde moontlik wat die oopheid verskaf wat die mens vir sy groei tot volwassenheid nodig het.

Hoop. Hoop is die sintuig wat op die toekoms gerig is en wat ten nouste aansluit by vertroue in God se sorg. Hierdeur kan die mens hom van sy aardse bestaan distansieer en kan hy van sy ware bestemming weet. Dit is die sintuig wat met 'n irrasionele oortuiging van die uiteindelike verwerkliking van die nog ongerealiseerde goeie weet.

---

1) I Kor. 13:12.

Liefde. Paulus beskou liefde as die belangrikste geestelike "sintuig": hierdeur is die mens in kontak met God, die oergrond van sy bestaan, wat Homself as liefde geopenbaar het. Deur die liefde is God in die gelowige en die gelowige in Hom. Deur die liefde is die mens ook in ware verbinding met sy medemens. Liefde rig hom altyd op die onvervangbare: op God en op die beeld van God in die mens. Daarom beklee liefde die medemens met die hoogste moontlike waarde en waardigheid: dit sien sy betrokkenheid op God raak.

Deur die rede as die enigste vorm van wete te beskou het die moderne mens, in navolging van die Griek, homself verarm en met verloop van eeue onberekenbare skade berokken. Die rede is maar 'n deel van die skepping van God; nogtans het die mens van die humanisme gemeen dat hy daardeur oor God se bestaan of afwesigheid kan oordeel. Deur net die bewysbare as waar te aanvaar het die mens die bestaan van God en sy eie betrokkenheid op God ontken. Daardeur het hy homself vermink en opgehou om waarlik mens te wees, want as God dood is, kan die mens, sy beeld, nie bly lewe nie.

Waar opvoeding volwaardige menswording as doel het, sal dit die moderne mens moet help om God weer te ontdek sodat hy daardeur weer homself kan ontdek. Dit beteken dat hy nie met die redebewussyn kan volstaan nie, maar doelbewus weer die fyner "sintuie van die siel" sal moet ontwikkel, waarvan liefde die belangrikste is.

Die diepste kennis oor die bestaan, die betekenis en die bestemming van die mens is vir die nugtere verstand nie toeganklik nie, eenvoudig omdat die verstand hoofsaaklik op die materiële bestaan gerig is. [1]) Slegs die liefde kan dié verborge dieptes peil. En wat 'n mens langs dié weg ervaar, kan hy nie vir ander in woorde stel nie. [2]) Hy kan dit nie as 'n buitestaander objektief en onontroerd be-gryp nie: hy word self daardeur aan-gegryp en in die kern van sy wese verander. 'n Lig word in hom aangesteek wat oor al sy weë skyn en uit al sy handelinge straal. Sy lewe word vervul met die sagte lig van die ewigheid waarin alle dinge sonder skadu dryf, in teëstelling met die skrille lig-en-donker kontras wat die soeklig van die rede werp.

Die huidige skool, en veral die middelbare skool, se uitgesproke beklemtoning van die intellek en die bewysbare is op die ontwikkeling van

---

1) Om te bewys beteken letterlik om sigbaar te maak.
2) Die moderne opvatting wat taal en denke onafskeibaar saamvoeg, berus m.i. op 'n verenging van die denke tot die logies-verantwoordbare gedagtegang wat in woorde gestel kan word. Vgl. in dié verband Kwant: Wijsbegeerte van de ontmoeting, p. 54-58.

'n waardevolle maar betreklik growwe sintuig ingestel. Omdat die rasionalisme op 'n kritiese ingesteldheid gerig is, kweek dit in plaas van geloof juis wantroue en vernietig daarmee die fyner geestelike sintuie waarsonder die mens nie van sy Skepper bewus is nie en waarsonder hy ook nie van sy aandeel in die skepping weet en dus kreatief kan dink nie.

Wat dus ook al die direkte en rede-bepaalde doel met die onderwys mag wees, die één kosbare pêrel wat die opvoeder die kind moet help om te vind, is die gesindheid van liefde want dit is die poort tot ware begrip en tot geestelike krag, tot die skeppende denke waardeur die Koninkryk uitgebou moet word. Dit is die middel om die mens gevoelig te stem vir geloofskontak met God waardeur krag van die Al-magtige na die gelowige mens deurstroom sodat hy letterlik berge kan versit, en waardeur hy - veel belangriker nog - sy eie lewe kan vernu, sy milieu kan verander en op 'n onbegryplike wyse 'n brug kan bou bo-oor die afgrond wat in die weg van die verskraalde Westerse denke ingeval het.

Hierdie geestelike sintuie, waarvan liefde die belangrikste is, kan by die kind slegs deur die liefdebetoon van die opvoeder ontwikkel word en dit moet reeds in die eerste oomblikke van die kind se bestaan as mens 'n aanvang neem: vir die opvoeding deur liefde en tot liefde is daar geen onderste of boonste tydgrens nie. Uit sy eie is die sondige mens egter nie tot hierdie liefdebetoon in staat nie. Om opvoeder te wees, moet hy self op God se aanroep sy eie lewe oopstel, hy moet 'n kanaal word waardeur die liefde van God na die kind kan deurvloei, hy moet self 'n weg wees na God want God is die ware opvoeder en Hy werk deur die Heilige Gees. In sy plan maak God van die opvoeding en die menslike opvoeder gebruik. Daarmee het die opvoeder dieselfde taak as Johannes die Doper en al die ander profete: hy moet die weg van die Here berei. [1]) Dit is 'n besondere bydrae van Israel dat hy pertinent op die noue band tussen profetisme en opvoeding gewys het. Alle ware opvoeding dra 'n profetiese karakter in dié sin dat dit uit die verlede neem wat goed is en daarop die toekoms bou.

God maak egter nie uitsluitlik van die opvoeding gebruik om die mens aan te spreek nie: Hy spreek ook in die wetenskap, in die geskiedenis, in die mens se persoonlike geluk en lyding, Hy spreek sowel uit die geweld as die liefdebetoon van mensehande, Hy spreek uit die stilte en uit die woeste geweld van die natuur. Hy spreek uit alles waarmee die mens in aanraking kom: Hy spreek ook uit die filosofie en roep die mens aan in in die gevoel van verslaentheid en futiliteit wat dit tans verklank. Ook

---

1) Markus 1:3.

deur die negatiewe, toekomslose mensbeeld van die eksistensialisme roep Hy die mens op om sy verdwaasdheid te besef, om weer sy beeldskap te ontdek met al die geestelike rykdom wat dit behels en om daardeur sy volle waardigheid en sy hoogste volwassenheid na te streef.

Van al die maniere waarop Hy die mens aanspreek, is die opvoeding seker een van die belangrikste: daarin wil Hy die mens as sy bewuste en vrywillige medewerker gebruik in sy plan. Al sou die mens sy medewerking weier, kan hy nogtans nie verhinder dat hy by dié plan ingeskakel word nie: elke mens bly op grond van sy geskapenheid op God betrokke, al volg hy Hom sonder dat hy dit weet of selfs in 'n gesindheid van vyandigheid. Selfs Nietzsche se felle haat vir die verstelselde Christendom verraai liefde vir die oorspronklike Christus. [1]) Dit is die taak van die opvoeding om die mens bewus te maak van sy beeldskap en dissipelskap sodat hy in liefde en uit vrye keuse God se medewerker sal wees.

Die moderne impasse op lewensbeskoulike en opvoedkundige gebied sal nie opgelos kan word eerdat die mens weer God en sodoende homself ontdek nie.

Die opvoeding probeer, noudat die bestaan van God ontken word, die kind "met waardes konfronteer" wat hom "aanspreek" en tot aanvaarding en verwerkliking "oproep." In wese is hierdie moderne verabsolutering van waardes van Hellenistiese en dus heidense oorsprong: dit is in sy diepte gegrond op Plato se ideëleer. In die lig van die Griekse geloof in 'n godegesin kan hierdie waarde-opvatting miskien gesien word as 'n verswakte manifestasie van die primitiewe pan- en politeïsme wat nie in staat was om sy talle gode (personifikasies van waardes) tot één Godspersoon te integreer nie. 'n Persoon (die mens) kan deur niks anders as 'n ander persoon of Persoon aangespreek word nie. Die Christenopvoeder roep die kind nie op om "waardes" te aanvaar nie, maar om vír God te kies en ooreenkomstig sy wil te lewe. Dit is naamlik nie waardes wat die mens aanspreek nie, maar God, en die sogenaamde waardes is bloot uitinge van sy wil met sy skepsel. Dit is op grond van die direktheid van die toegang tot die sinvolle en dus tot God dat sommige dinge belangriker as ander is en dus groter waarde het. As die waardes as uitinge van God se wil gesien word, verval die versplinterende uitwerking wat botsende waardeberoepe op die mens sou kon hê: in wese is dit God, die Enige, wat die mens oproep tot verheldering van sy beeldskap van Hom en tot uitbreiding van die Koninkryk. Opvoeding is in sy diepte altyd onafskeidelik van

---

1) Vgl. Stéphan: Het Westen op de dwaalweg, p. 95.

religie: dit is 'n uitvloeisel van die mens se betrokkenheid op God en sy aangesprokenheid deur God; dit is een van die belangrikste maniere waarop die mens antwoord op God se oproep aan hom om te word wat God hom bedoel het om te wees. 1) Die mens soek in die diepste grond van sy wese nie na waardes nie: hy het op grond van sy geskapenheid en sy beeldskap van die Skepper heimwee na God 2) en dit is hierdie verlange na kontak met die oergrond van sy bestaan wat hom opvoedbaar maak en hom ander laat opvoed. Waar die mens verantwoordelikheid, en veral opvoedingsverantwoordelikheid aanvaar, doen hy dit nie uit vrees vir 'n gesag bo hom nie maar omdat hy God en God se skepping en skepsels liefhet. Om verantwoordelikheid te aanvaar is in sy wese 'n uiting van liefde. Daarmee is ware volwassenheid, wat gekenmerk word deur die vrywillige aanvaarding van verantwoordelikheid, in liefde gegrond.

Op die eenheidbringende werking wat uitgaan van God se oproep aan die mens om deel te neem aan sy plan met die skepping, het ook die onderhawige studie vaag en huiwerend lig laat val. Die geskiedenis van die bestudeerde kulture kan miskien gesien word as 'n toenemende bewuswording van God wat Hy deur sy openbaringe aan die mens geskenk het. 3) Met hierdie gedagte van 'n toenemende bewuswording word geensins 'n evolusionistiese, natuurlike en spontane groei van die bewussyn bedoel nie: dit neem die vorm aan van 'n reeks toenemende openbaringe waarvoor die mens telkens deur ingrypende veranderinge in sy milieu voorberei en gevoelig gestem moet word.

In die lig van feite wat in hierdie studie aan die lig gekom het, lyk dit geregverdig om te sê dat God uit die gemeenskaplike oerkultuur verskillende volkere en enkelinge laat uitdifferensieer en op verskillende maniere vir sy openbaringe gevoelig laat word het. Op hierdie openbaringe het die mens met verskillende gods- , wêreld- en mensbeskouinge geantwoord wat in verskillende opvoedingsdoelstellinge en -gebruike neerslag gevind het. Omdat God met sy openbaringe in die gang van die geskiedenis ingryp, is die opvoeding, wat een van die belangrikste wyses is waarop die mens op God se openbaringe reageer, ook histories bepaal

---

1) Die band tussen opvoeding en religie geld ook vir die mens wat die bestaan van God ontken maar wat nogtans opvoed: niemand kan nie op God betrokke wees nie. Waar God se bestaan ontken word, skep die mens vir hom 'n kunsmatige god om dié lugleegte te vul, soos byvoorbeeld in die rasionalisme die geval was. Dit is juis een van die belangrikste oorsake van die huidige krisis dat die mens tans geen oortuigende kunsmatige god in die plek v.d. gestorwe God v.d. Christendom kan stel nie.
2) Psalm 42.
3) Sien oor die <u>enkeling</u> se toenemende bewuswording hierdie studie, p. 71.

en kan dit slegs teen die agtergrond van die geskiedenis begryp word.

Wat die mens dink dat hy is en waartoe hy opvoed, is afhanklik van wat hy van God dink: hy kan nie anders as op Hom betrokke wees nie. Die huidige krisis in die kultuur en die opvoeding is daarmee dan ook in sy diepte 'n religieuse krisis.

Dit is tans nie die eerste keer in die geskiedenis dat 'n god "dood" is nie. Hellas het die dood eers van sy chtoniese en later van sy Olimpiese gode belewe, die kontrakgod wat Israel van die Verbondsgod gemaak het, is teen die begin van die Christelike era dood, die Kerkhervorming was 'n opstand teen die geestelikes se poging om God te dood deur Hom te verstelsel. Ook die moderne eksistensialisme is in sy ontstaan 'n protes teen die poging om God te dood deur die mens se ontmoeting met die Lewende in voorskrifte vas te lê. [1]) Telkemale het dit egter agterna geblyk dat dit nie God is wat dood is nie: Hy is immers die Lewende God. Die mens verval keer op keer in die versoeking om Hom tot 'n ken- en beheerbare beeld te laat stol, hy maak vir hom 'n skyngod waardeur die beeld van die ware God verduister word. Soos die spelonkbewoners in Socrates se grotbeeld sien die mens skyn vir werklikheid aan. [2]) God verbreek egter telkens die skynbeeld wat die mens van Hom opgebou het, en daarmee saam stort die lewensbeskouing en die gemeenskapspatroon wat ooreenkomstig hierdie valse beeld opgebou is, in duie. In sulke tye lyk dit vir die mens asof God dood is, maar dit is juis die Magtig-handelende wat die valse begrippe wat mense oor Hom opgebou het uit die weg ruim en 'n nuwe openbaring van Hom skenk. Só gesien word die geskiedenis en die menslike lewe in die hoogste mate sinvol: dit word, ondanks tragiese insinkings en afdwalinge, die verhaal van 'n toenemende bewuswording van God.

Noudat die Christendom in moderne tye weens sy verbondsluiting met Mammon sy krag en inisiatief verloor het en van God die God van voorspoed en vooruitgang gemaak is, is weer so 'n breuk in die tyd bereik. Verblind deur eeue van spesialisering op die rede, is dit moontlik dat bepaalde aspekte van God se openbaring in Christus in die huidige tydsgewrig nie raakgesien word nie. Die God van liefde het deur die moderne mens se toedoen verbleek tot die kragtelose humanistiese god van sentimentaliteit

---

1) Ooreenkomstig die heersende diesseitige en antroposentriese neiging het Kierkegaard se opvolgers hierdie protes teen die verstelseling van die mens se ontmoeting met God egter gesekulariseer tot die protes van die individu teen elke vorm van regimentering. Van 'n verdediging van die religie het die eksistensialisme daarmee verander tot die verdediging van persoonlike vryheid en identiteit sonder dat die religie daarby betrokke is.

2) Oldewelt: Plato, p. 117-120.

en vae welwillendheid. Dit is hierdie god wat tans dood is.

In die geskiedenis is die deurbreek van 'n Godsopenbaring telkens voorberei deur groot lyding en die ineenstorting van aardse gelukverwagtinge wat aan 'n valse beeld van God gekoppel was. Die tekens dui daarop dat die mensheid tans weer so 'n breuk in die tyd tegemoet gaan, nou egter met die vooruitsig op voorheen ongekende vernietiging en lyding weens die hoë peil van die tegniek en die bevolkingsdigtheid.

As dit aanvaar kan word dat dit minstens moontlik is dat God die moderne mens se vertwyfeling en die onvoorstelbare rampe waarop hy afstuur weer mag gebruik om sy gevoeligheid vir die stem van sy Skepper te verhoog, behoort die taak van die opvoeding tans seker nie die eensydige ontwikkeling van die rede te wees nie, maar ook en veral die gevoeligmaking van die "sintuie van die siel" waardeur die mens van God en sy wil bewus kan word sodat die lyding van die hede en die toekoms hom nie met verbystering sal vervul en hom laat afstomp nie maar sodat hy daarin ewigheidsbetekenis sal sien. Só sal die voortgaande aftakeling van sy aardse gelukverwagtinge nie sy geestelike vernietiging meebring nie, maar sy volwassewording dien.

\+ + + + + + +

In die huidige tyd van die heerskappy van die rede, tegniek en organisasie waardeur inisiatief en skeppende denke verskrompel, is die mens gekondisioneer om by alles gebruiksaanwysings en eenduidige voorskrifte te verwag: as sy kontak met die Skepper deurgesny is, kan die mens immers nie meer skeppend optree nie. Ook die opvoeder neig daartoe om niks meer as 'n onderwyswerktuigkundige te wees nie, bedrewe in die hantering van didaktiese voorskrifte. Besinning oor die opvoeding word in baie gevalle vereng tot die naspoor van didaktiese insigte en die formulering van voorskrifte. Daarom het die didaktiek, wat 'n gespesialiseerde tak is van die omvattende tegniek waarvan die moderne mens sy heil verwag, tans sulke hoogtepunte bereik terwyl die filosofie verarm het tot konstatering van die mens se magteloosheid en die uitsigloosheid van sy bestaan. Sonder ewigheidsbetekenis om daaraan sin te gee is arbeid en tegniek as verlengstuk van die arbeid egter sinneloos en bly die mens se mees verbete dapperheid en mees selflose offervaardigheid absurd.

Dit is nietemin van die grootste betekenis dat die doeltreffendste didaktiese masjinerie tesame met die snelste en omvattendste kommunikasiegeriewe van alle eeue tans gereed staan vir gebruik. Dat die klein klompie eerste Christene, eenvoudig, sonder aansien of geleerdheid, arm en

vervolg, met geen kommunikasiemiddele behalwe die persoonlike, gesproke woord tot hulle beskikking nie, staande gebly het, is reeds onbegryplik. Dat hulle hul nie alleen teen die vyandiggesinde Romeinse ryk kon handhaaf nie maar dit van binne af kon verower sodat dit aan die Christendom diensbaar geword het, is vanuit redelike standpunt onverklaarbaar. Hoe snel sou daarteenoor in die huidige tyd 'n boodskap wat die mensheid weer die sin van sy lewe meedeel, versprei kon word wanneer die tyd daarvoor ryp geword het!

Die opvoeding is seker nie by magte om die groot verloop van die geskiedenis en die rampe wat die Weste bedreig af te weer nie: daar is ander, direkter kragte aan die werk. As bondgenoot van die religie het die opvoeding volgens Christelike beskouing trouens ook nie die taak om 'n aardse utopie te skep nie. Maar as die belangrikste bewuste gesindheidvormende invloed het die opvoeding wel deeglik die taak om die mens vir God gevoelig te maak. Deur by die mens 'n reseptiewe houding teenoor God te kweek, word hy gevoelig gestem vir die aanspreking van God waardeur hy die sin van alle dinge sal verstaan. Sodoende kan die mens ten spyte van - of selfs as gevolg van - watter lyding ook al op hom mag wag, bewus by God se plan inskakel en 'n hoër peil van geestelike volwassenheid bereik.

Vir die opvoedingsvernuwing wat tans noodsaaklik is as die mensheid nie minstens geestelik te gronde moet gaan nie, kan geen voorskrifte gegee word nie. Geen organisasie, geen onderwyswetgewing kan die begeerde vernuwing afdwing nie: dit is 'n taak vir die individuele opvoeder onder leiding van die Heilige Gees. Organisasie en wetgewing sal wel deeglik 'n rol speel by die gehoopte vernuwing, maar dan nie as aanleiding daartoe nie: dit sal dien om die vernuwing te koördineer en te konsolideer <u>nadat</u> vernuwing ingetree het; dit sal die gevolg van die vernuwing wees, nie die oorsaak nie.

Nie net die kind se natuurlike ouer of die amptelike onderwyser-opvoeder is by die kind se opvoeding betrokke nie: elke mens oefen deur sy voorbeeld invloed op ander uit en is prinsipieel dus met opvoedingswerk gemoeid, nie net in enkele ure en wanneer hy daarvan bewus is nie, maar voortdurend. Wat die opvoeding in die kind kweek, is liefde vir God en die medemens, want dit is die enigste toegangspoort tot die diepste misterie van mens-wees as kind-van-God-wees. Slegs op grond van hierdie bo-redelike wete van wat hy werklik is en behoort te wees, kan die mens sy ware volwassenheid nastreef.

Aangesien elke mens prinsipieel opvoeder is, moet die opvoedingsvoorskrif vir selfs die eenvoudigste verstaanbaar wees en nogtans die mees begaafde kan begeester. So 'n opdrag is die liefdegebod: begryplik vir die mins-begaafde maar in die diepte van sy implikasies onuitputlik vir die wysste.

Opvoeding is opvoeding tot liefde. Geen mens kan egter 'n ander tot liefde lei as hy nie self liefde kan betoon nie: liefde is sowel die uitgangspunt as die doel van die opvoeding. Liefde is nie alleen voorwaarde vir opvoeding nie, maar sy lewende kern en tewens die waarborg vir opvoeding: die liefde van die opvoeder vir die kind waarborg dat hy hom hulp sal verleen tot volwassewording en dat hierdie hulp die bekwaamste en mees toegewyde sal wees waartoe hy in staat is; die liefde van die kind vir die opvoeder bring mee dat hy die aangebode hulp aanvaar en daarmee die dialogiese handeling wat die opvoeding is, voltooi. Nie die volging van gesag is die hoeksteen van die opvoeding nie, maar dat die mens met liefde op liefdebetoon antwoord.

NB

Uit homself beskik niemand oor die perkelose liefde wat vir die opvoeding nodig is nie. Om die kind te aanvaar, vir hom verantwoordelikheid te aanvaar, God se gesag te erken, die normatiewe nie alleen te deurgrond nie maar met inset van die volle persoonlikheid te bestreef en so tot ware volwassenheid te kom, eis groter liefde as waartoe die natuurlike mens in staat is. Die grondvoorwaarde vir die pedagogiese is die liefde wat die mens vrylik van God geskenk word en wat in sy hart 'n fontein van lewende water word. Deur geloofskontak met Christus, die inkarnasie van God se liefde, het die gelowige toegang tot die lewende en almagtige God, deurstroom die onstuitbare krag van die liefde van God sy hele bestaan.

Die mens verander deur sy optrede nie alleen die wêreld en die medemens nie, maar ook homself. Deur hulp te bied tot en medeverantwoordelikheid te aanvaar vir 'n kind se unieke volwassewording verander die opvoeder ook homself. Deur sy opvoedingshulp aan afsonderlike kinders kry hy suiwerder insig in wat die mens is en word dit ook 'n vorm van Godsopenbaring want as beeld van God is die mens sy hoogste natuuropenbaring. So kry die opvoeder deur sy hulp aan die kind ook dieper insig in wie hy self is, so word hy self meer volwasse, word sy persoonlikheid verfyn.

Hoe hy op die oproep tot liefdebetoon aan elke afsonderlike kind sal antwoord, sal die opvoeder ooreenkomstig God se aanspreking en met inagneming van sy eie en die kind se unieke moontlikhede sowel as die moontlik-

hede en beperkinge van die konkrete opvoedingsituasie self moet besluit. Deur hierdie vryheid en hierdie verantwoordelikheid bied die Christelike mensbeskouing nie slegs aan die kind nie maar ook aan die opvoeder die moontlikheid tot toenemende volwassewording en eis dit van elkeen die volgehoue trou en toewyding wat die hoogste kenmerk van ware volwassenheid is:-

> "Laat julle heupe omgord wees en julle lampe aan die brand.
>
> En julle moet wees soos mense wat op hulle heer wag wanneer hy van die bruilof terugkom, sodat hulle dadelik vir hom kan oopmaak as hy kom en aanklop.
>
> Gelukkig is daardie diensknegte vir wie die heer wakker sal vind as hy kom." [1])

1) Lukas 12:35-37.